# die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 380 • April 2025




LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God* – 1 Kor. 1:23-24

April 2025 | No. 380

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Die wet van God

**REDAKSIONEEL**
**Ds. Schalk Strauss**
Die Ou Testament is in wese Christelik ........ 1

**AMPTELIK** ........ 3

**ONTVANG DIE WOORD**
**Ds. Jaques Powell**
Kennis van die wet laat ons in die genade van Christus leef ........ 4

**HOOFARTIKEL**
**Ds. Ruan Combrink**
Die wet: Middel tot volwassenheid ........ 6

**ARTIKELS**
**Ds. Greyling van Rooyen**
"Maar ek sê vir julle ..." Verandering, verbetering, verwerping of vervulling van die wet? ........ 10
**Yavor Rusinov**
Die belangrikheid van die wet in kinderopvoeding ........ 12
**Ds. Lourens du Preez**
Seremoniële wette: Gefokus op heiligheid ........ 14
**Ds. Gerrie Kruger**
God se morele wette: Tydlose etiek ........ 15
**Ds. Joubert Ferreira**
Die burgerlike wette van die Ou Testament ........ 16
**Marlé Janse van Rensburg**
Storie van hoop: Die Here se genade is groot ........ 18
**Prop. Pieter van Deventer**
Afrikaners wat teruggryp na Joodse wettisisme ........ 20
**Ds. Dianlo Stoltz**
Ware reinheid kom uit die hart en nie uit die kospot nie ........ 22
**Ds. Francois de Bruin**
Nie wetties nie, maar wel gehoorsaam ........ 24
**Hannes Noëth**
Alle wette onder een wet ........ 26
**Prof. Johan Bosman**
Die erediens vandag ........ 28

**AKTUEEL**
Die evangelie in Indië ........ 30
Gemeentenuus ........ 32
Smeltoond: Demokrasie moet *geleef* kan word ........ **binne agterblad**

**IN DIE SPORE VAN GISTER**
**Alana Bailey**
Wierda en die Paleis van Justisie ........ 38

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**
**Charlotte Fourie**
Wat begeer jy? ........ 39

**IN DIE VOLGENDE UITGAWE:**

Die Pinksteruitgawe van *Die Boodskapper* fokus op Geesvervulde en Geesbewerkte herlewing binne die kerk. Het ons herlewing nodig? Hoe lyk ware herlewing? Is van die vrae wat in dié uitgawe beantwoord word.

**VOORBLAD:**
'n Uitbeelding van Moses met die Tien Gebooie op die berg Sinai.

**REDAKSIE**
**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss
**Subredakteur**
Mev. C Möller
**Redaksielede**
Di. RK Combrink,
EC Trollip, A Hough
**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za
**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**
**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
**Kerkkantoor en Boekwinkel**
**Tel.:** 012 362 1390
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:
Lig in Duisternis UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za



# Die Ou Testament is in wese Christelik

**Ds. Schalk Strauss**

***Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul* (Mt. 5:17).**

Hierdie vers kan inderdaad as een van Christus se "moeilike uitsprake" geklassifiseer word, aangesien dit tot heelwat vrae oor die interpretasie daarvan lei. Twee belangrike vrae wat dikwels opduik, is: Waarna verwys die uitdrukking "wet of profete"? En: Wat word bedoel met die woord "vervul"? Wanneer daar in 'n uitgawe soos hierdie oor die relevansie van God se wet besin word, is dit belangrike vrae om te verreken.

## Messiaanse stukrag van die Ou Testament

In vers 17 gebruik die Here Jesus die uitdrukking "wet of profete". Hierdie uitdrukking kan as 'n vaste formule beskryf word wat in verskillende vorme in die Nuwe Testament voorkom, byvoorbeeld: "wet en profete", "wet, profete en geskrifte". Soms word "wet", "profete" of "geskrifte" afsonderlik gebruik as 'n verkorting van die uitgebreide formule. Wanneer hierdie uitdrukking in die Nuwe Testament gebruik word, verwys dit byna nooit uitsluitlik na die wette van die Ou Testament of selfs net die Tien Gebooie nie. Hierdie vaste uitdrukking is deur die Jode as verwysing na die Ou Testament gebruik. Christus gebruik dus hierdie uitdrukking as verwysing na die hele Ou Testament.[1] Hiermee beklemtoon Hy die belangrikheid en aktualiteit van die Ou Testament. Hy het nie gekom om die Ou Testament (nie net die wette daarin nie, maar as 'n geheel) te ontbind,[2] met ander woorde tot niet te maak, of ongeldig te verklaar nie, maar eerder om dit te *vervul*.

Die Griekse woord *plēroō* (vervul) het hoofsaaklik drie betekenismoontlikhede in die Nuwe Testament.[3] Eerstens het dit 'n etiese betekenis, naamlik om aan die vereistes van iets te voldoen (byvoorbeeld die vervulling/volbrenging van 'n belofte; vgl. Núm. 15:3; Mt. 3:15; ens.). Tweedens het dit 'n profetiese betekenis wat ooreenstem met dit wat beloof, voorspel, of vooraf deur skadubeelde uitgedruk is (vgl. Mt. 1:22; Joh. 19:24; ens.). Derdens het die woord ook 'n temporele betekenis wat verband hou met die aanbreek van spesifieke tye, soos deur God bepaal (vgl. Mk. 1:15; Gal. 4:4; ens.).

In Matthéüs 5:17 gebruik Christus die tweede betekenismoontlikheid. Ons sou sy uitspraak só kon stel: Ek het nie gekom om dit waarvan die hele Ou Testament getuig, tot niet te maak nie, maar om dit te doen, of om dit te laat gebeur. Wanneer ons dit só sien, maak die uitdrukking in vers 18 ook sin wanneer die Here Jesus sê dat geen jota of tittel, met ander woorde nie eens een pennestreep of die kleinste lettertjie van wat in die Ou Testament geskryf is, sal verbygaan *... totdat alles gebeur het nie.*

Tydens Christus se aardse bediening het Hy geen geheim daarvan gemaak dat die Ou Testament in wese Christelik is nie. Dit behoort uit die staanspoor as 'n Christelike boek gelees te word, aangesien die Skrywer daarvan ons leer om dit so te interpreteer.

**In sy gesprek met die Émmaüsgangers het Hy *begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het* (Lk. 2:27, vgl. ook v. 44).**

1. Die Tanakh (Ou Testament) is 'n akroniem wat na die drie dele van die Ou Testament verwys: *Torah* (wet), *Nevi'im* (profete) en *Ketuvim* (geskrifte).
2. Die Griekse woord beteken letterlik "om af te breek".
3. Chris Church, "Fulfill," in *Holman Illustrated Bible Dictionary*, ed. Chad Brand et al. (Nashville, TN: Holman Bible Publishers, 2003), 604.

Dit was ook die benadering van die apostels wat die evangelie van God uit die profete en heilige Skrifte verkondig het (vgl. Rom. 1:1-2). "Jesus Christ was not only divine author of all revelation but also the content of all that revelation. He was both Revealer and Revealed."[4]

**Die Ou Testament kan met 'n sleurstroom vergelyk word wat jou met alle mag meesleur. Dit het 'n stukrag wat afstuur op die Nuwe Testament – 'n Messiaanse stukrag.**



## Die wet

Hierdie stukrag is veral prominent in die wette en kultiese gebruike van die Ou Testament. Die tabernakel en die tempel herinner die volk dat die weg terug na God se teenwoordigheid, deur die tempel gaan en nie sonder die bring van offers bewerk kan word nie. Die voortdurende herhaling van offers roep om 'n volmaakte offer. Die voorhangsel herinner dat die Allerheiligste van God se teenwoordigheid nie sonder versoening vir die sonde betree mag word nie.

Selfs die burgerlike wette wat God gegee het om die orde binne die samelewing te reguleer, roep om vervulling. Iets soos die restitusiewette (bv. Ex. 22:1) kyk met verwagting vooruit na 'n tyd waarin dit nie nodig sal wees om regstellende optrede deur wette af te dwing nie, maar waar restitusie 'n natuurlike reaksie sal wees van hulle op wie se harte die wet van God geskryf staan.

Die etiese wette (Tien Gebooie) is seker dié saak in die Ou Testament wat met die heel grootste wringkrag na die Nuwe Testament beur. Dit stel God se standaard vir volmaaktheid – wie dit doen, sal lewe (vgl. Lev. 18:5). Dit is egter 'n standaard wat weens ons sondige aard onbereikbaar ver is. Dit laat ons angstig rondkyk op soek na Een wat namens ons aan God se geregtigheid kan voldoen.

## Die profete

Die profete roep God se volk tot bekering op, maar beloof terselfdertyd dat God sy Messías sal stuur om sy volk te reinig (vgl. Eség. 36:25), hul harte te verander (vgl. Eség. 36:26), sy Gees oor hulle uit te stort (vgl. Eség. 36:27) en hulle uit die dood op te wek (vgl. Eség. 37). Terselfdertyd verkondig hulle ook hoe die oordeel van God op die "dag van die HERE" oor sy vyande voltrek sal word (vgl. Sef. 1:14). Hulle bied 'n vergesig van 'n heilstyd, 'n tyd waarin daar 'n profeet groter as Moses sal opstaan na wie die hele volk moet luister (vgl. Deut. 18:5), 'n tyd van vrede en verlossing.

## Die geskrifte

Reeds in Génesis 3:15 beloof God een uit die saad van die vrou wat die slang se kop sal vermorsel. Die sondvloed en die ark van Noag bevestig dat God se oordeel net vrygespring kan word as jy in God se "verlossingsvaartuig" ingesluit is. Wanneer Abraham vir Isak wil offer, voorsien God die offerlam in sy plek. Josef verlos sy broers van 'n gewisse dood en God lei sy volk uit die slawerny van Egipte na die Beloofde Land. Die rigters en die konings wat die volk moes lei, selfs die dapper Dawid en die wyse Salomo, stel teleur en roep om iets beter. Die skaduwee van die ballingskap skets reeds die buitelyne van 'n Verlosser wat bereid is om deur die Vader as balling verwerp te word (vgl. Ps. 22) ter wille van sy volk se verlossing uit die land van doodskaduwee. 'n Boek soos Hooglied bring die tafel in gereedheid vir die Lam se bruilof met sy bruid.

## Christus die ontknoping

Die wet, profete en geskrifte vind hulle ontknoping in Christus. Die boek Hebreërs trek onbeskaamd die verband tussen die seremoniële wette en die vervulling daarvan in Jesus Christus:

***Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word* (Hebr. 10:14).**

Hý is die Offerlam van God, Hý is ons Hoëpriester, Hý is ons geregtigheid (vgl. 1 Kor. 1:30). Met 'n harde stem sou Hy uitroep dat dit volbring is (vgl. Mt. 27:50-51) – die voorhangsel is verwyder (vgl. Lk. 23:34)!

4. Michael J. McClymond and Gerald R. McDermott, *The Theology of Jonathan Edwards* (New York: Oxford University Press, USA, 2012), 134.

Vervolg op bl. 8 »

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. Greyling van Rooyen na Potgietersrus.
- Prop. Peet Schutte na Hoëveld-Ermelo, Lichtenburg, Pretoria-Oos.
- Ds. Emilé Trollip (Coligny/Sannieshof/Ottosdal) na Amajuba/Newcastle/Piet Retief.
- Prop. Pieter van Deventer na Grootfontein (Tvl.).
- Ds. Joubert Ferreira (Hoedspruit) na Bethal.

### Beroepe aanvaar

- Ds. Greyling van Rooyen na Potgietersrus.
- Prop. Dianlo Stoltz na Kimberley-Die Kruis.

### Beroepe bedank

- Prop. Peet Schutte na Pretoria-Oos en Lichtenburg.
- Prop. Dianlo Stoltz na Bethal, Grootfontein (Tvl.), Hoëveld-Ermelo, Lichtenburg.

## SINODALE KOMMISSIES

**Kuratorium (KUR):** Sekundilede, di. Attie Boshoff en Aubrey Hough vervang di. Danilo Stoltz en Willem van Schalkwyk.

## CVO-SKOOLKWARTALE

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 4 April
Tweede kwartaal: 22 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 21 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## SKOOLKWARTALE

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 28 Maart
Tweede kwartaal: 8 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## *DIE BOODSKAPPER*

### Beplande verskyningsdatums

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskynings-datum |
|---|---|---|
| Mei 2025 | 14 Maart | 24 April |
| Junie 2025 | 16 April | 26 Mei |
| Julie/Augustus 2025 | 8 Mei | 23 Junie |
| September 2025 | 10 Julie | 25 Augustus |
| Oktober 2024 | 15 Augustus | 25 September |
| November 2024 | 18 September | 27 Oktober |
| Des 2025/Jan 2026 | 15 Oktober | 25 November |

## Advertensietariewe

| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys |
|---|---|---|
| 1/16 blad | 40 x 90 mm | R230 |
| 1/8 blad | 65 x 90 mm | R640 |
| 1/4 blad | 124 x 90 mm | R1 350 |
| 1/2 blad | 124 x 180 mm | R2 200 |
| Vertikale strook | 263 x 119 mm | R2 750 |
| Volblad | 263 x 180 mm | R3 650 |
| **BINNE-AGTERBLAD** | | |
| 1/2 blad | 148 x 200 mm | R4 880 |
| Volblad | 297 x 210 mm | R6 950 |
| **AGTERBLAD** | | |
| 1/2 blad | 148 x 200 mm | R4 900 |
| Volblad | 297 x 210 mm | R8 400 |

**BANKINBETALINGSBESONDERHEDE:**
Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632005
*Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.*

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE*

| | |
|---|---|
| **1 Januarie** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart** | Openbare vakansiedag |
| **18 April** | Goeie Vrydag |
| **20 April** | Paassondag |
| **21 April** | Gesinsdag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **27 April** | Openbare vakansiedag |
| **28 April** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei** | Openbare vakansiedag |
| **29 Mei** | Hemelvaart |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **8 Junie** | Pinksterfees |
| **16 Junie** | Konsentrasiekampdag |
| **9 Augustus** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **26 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember** | Geloftedag |
| **25 Desember** | Christusfees |
| **26 Desember** | Openbare vakansiedag |

**Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.*



# Kennis van die wet laat ons in die genade van Christus leef

**Ds. Jaques Powell**[1]

**Skriflesing:** Romeine 3:9-31 • **Sang:** Gesang 66:1, 3
**Teksverse:** *... want deur die wet is die kennis van sonde ... en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is ... Inteendeel, ons bevestig die wet* (v. 20, 24, 31).

Ons hoor die wet weekliks tydens die erediens en vir baie mense het dit iets geword wat bloot uit gewoonte aangehoor word.

Baie kerke het die wet weens verskeie redes heeltemal uit die liturgie gesny. Een daarvan is om die erediens net nie onnodig lank te maak nie. Waar die wet wel nog gelees word, is die voordrag daarvan eentonig en word dit afgejaag as net nóg ’n element van die erediens. Dan het die wet vir soveel mense vandag ’n slaanstok geword. Daar word soveel klem geplaas op wat ons nie mag doen nie, dat die kern van die wet, dit wat ons mag en wil doen, verlore gaan.

Verder redeneer baie mense dat die lees van die wet onnodig is. Hulle sê dit is Ou Testamenties, terwyl die Nuwe Testament ons leer dat Christus ons vrygemaak het van die wet: “Die wet laat my in elk geval net sleg voel oor myself en dit is nie waaroor godsdiens behoort te gaan nie. Ek wil tog net van God se liefde hoor en nie van sy regverdigheid nie.” Verstaan ons werklik nog hoe belangrik dit is om die wet te hoor?

## Kenbron van sonde en ellende

Hoewel ons dit graag wil ontken, is alle mense sondig. Deur Adam het die sonde in die wêreld ingekom en deur die sonde die dood, wat ook na die ganse mensdom oorgespoel het (vgl. Rom. 5:12); daarom word ons in sonde gebore en ontvang (vgl. Ps. 51:7).

Niemand is regverdig nie (v. 10), niemand is verstandig nie, niemand soek God nie (v. 11) en daar is niemand wat goed doen nie (v. 12). Ons word gekonfronteer met die feit dat ons van nature tot die sonde geneig is (vgl. Rom. 7:19).

Paulus maak ons bewus van die mens se sondige natuur en beklemtoon dit met ’n voorbeeld: Die mens se keel is soos ’n oop graf, met sy tong pleeg hy bedrog, die gif van die adder is onder sy lippe (v. 13). Die gesproke woord is daarom ’n dodelike wapen waarmee die mens verwoesting saai sover as wat hy gaan. Daarmee saam is die mens se voete haastig om bloed te vergiet (v. 15). Hierdie voorbeeld beklemtoon dat die mens vinnig is om deur woord en daad sy naaste kwaad aan te doen, want die weg van vrede ken hy nie (v. 17).

Hoe weet ons dat hierdie dade sondig is? Ons leer dit uit die wet. Ek word dalk baie kwaad wanneer ek bestuur en ’n minibustaxi voor my indraai. Ek word so kwaad dat ek hom beledig en dalk kru taal gebruik. Hierdie is ’n oortreding van die sesde gebod waar ek vanuit my wraakgierigheid iemand anders onteer, haat en seermaak deur middel van die woorde wat ek gebruik (vgl. HK v/a 105).

Van hierdie sonde word ek bewus wanneer ek die wet bestudeer en eerlik daarmee omgaan. Sonder die wet sou ek nooit geweet het dit is sonde nie. Daarom behoort ons aandagtig na die wet te luister, want ... *deur die wet is die kennis*

*van sonde* (v. 20). Dit herinner my elke keer hoe groot die sonde en ellende in my lewe is en daarom dring dit my om na verlossing te soek.

### Tugmeester na Christus

Wanneer ons eerlik met die wet omgaan, is dit soos 'n rugsak wat ons dra. Wanneer jy van die sonde bewus word, is dit soos 'n klip wat in die rugsak geplaas word. Daardie rugsak word swaarder soos wat jy meer bewus word van die sonde. Dit word 'n groot las wat op jou skouers rus en daarom soek jy na 'n manier om dit af te gooi sodat jy van die sware las ontslae kan wees.

Die vraag is nou: Hoe kan ek van hierdie las ontslae raak? Dalk kan ek die wet so getrou hou dat die las nie so swaar op my skouers rus nie. My goeie werke moet tog iets hiertoe kan bydra? Tog is ons beste werke in hierdie lewe onvolkome en met sonde bevlek (vgl. HK v/a 62). In vers 28 bevestig Paulus dat niemand deur sy werke geregverdig kan word nie:

> ***Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.***

Hoe word ons dan verlos van die groot las wat die wet op ons skouers plaas? Die antwoord lê in vers 24:

> ***... en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.***

Die bestudering van God se wet behoort ons daarom na Jesus Christus toe te dring. Omdat Hy regverdig is, het Hy ook die mag om dié wat in Hom glo, regverdig te maak (v. 26). Dit hoor ons ook elke Sondag in die genadeverkondiging: "Aan almal wat met 'n ware berou en 'n opregte geloof hulle toevlug neem tot hulle enigste Verlosser, Jesus Christus, verkondig die Woord van die Here vergifnis van sonde."




Wat beteken dit om met 'n ware berou voor God staan? Dit is wanneer die mens tot bekering kom. Met die bekering besef 'n mens dat jy verlore is vanweë die sonde, en jy draai jou rug daarop. Bekering is daarom soos om met ons rugsak na Christus toe te kom en vir Hom te sê dat hierdie rugsak te swaar is om self te dra. Deur bekering dring die Heilige Gees ons in die arms van Christus, by wie ons pleit om ons sonde weg te neem.

Wanneer ek in opregte berou voor die Here staan en in sy verlossing glo, neem Hy die sondelas van my skouers af. Deur sy genade neem Hy dit op sy skouers.

Beteken dit dan dat ons nou maar kan doen wat ons wil? Christus het mos nou die gevolge van die sonde op Hom geneem en die wet vervul! Solank ons net in Hom glo, kan ons mos leef soos ons wil?

### Reël vir dankbaarheid

Nee, verlossing behoort die teenoorgestelde gevolg te hê. Geloof neem nie die wet weg nie, maar bevestig dit (v. 31). Wat beteken dit? Paulus word gereeld daarvan beskuldig dat hy geloof sonder werke verkondig. Tog is dit glad nie die geval nie. Paulus wys hier die gedagte van die hand dat sy prediking die wet tot niet maak. Dit bevestig dat die wet nie as 'n heilsmiddel gesien moet word nie, maar eerder as God se dankbaarheidseis vir ons lewens.

Die wet is nie die wyse waarop ek gered word nie. Redding is bloot genade wat ons onverdiend uit die Vader se hand ontvang het. Die wet leer ons wel hoe die wil van God vir ons lewens lyk en bring ons daartoe om in dankbaarheid voor God te leef. Deur die wet te onderhou, sê ons vir God dankie dat Hy in liefde sy Seun gestuur het, wat sy lewe vir ons as offer neergelê het sodat ons verlos is. Omdat ons dit alles ontvang het, wil ons die wet nastreef.

### Slot

Dit is daarom uiters belangrik dat ons elke week die wet moet hoor en aandagtig daarna moet luister. Dit maak ons bewus van die omvang van die sonde en die ellende wat daar in ons lewens is. Dit dring ons om ons toevlug tot Jesus Christus, ons Verlosser, te neem. Uiteindelik gee die wet vir ons 'n manier om ons dankbaarheid teenoor God deur ons lewens te bevestig.

1. Leraar van die AP Kerk Delareyville/Stella.



HOOFARTIKEL

DS. RUAN COMBRINK[1]

# DIE WET
## Middel tot volwassenheid

**Génesis 2:24 sê vir ons baie oor die huwelik: *Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.* Wat ons dalk nie besef nie, is dat hierin ook 'n belangrike beginsel oor kinderopvoeding opgesluit is. Die implikasie is tog dat as 'n man sy vader en moeder moet verlaat, die opvoedingstaak van die ouers dan moet insluit dat hul seun voorberei moet word om selfstandig te kan leef, om die hoof van sy eie huis te kan wees. Dit voorsien ons van 'n trajek wat ons in die opvoeding van ons kinders moet volg.**

Die verlossingsgeskiedenis dien as voorbeeld van sodanige trajek. Oorweeg gerus om die verlossingsgeskiedenis te lees as die verhaal van hoe God sy skoondogter voorberei om uiteindelik met sy Seun te trou. Dit mag aanvanklik dalk vreemd op die oor val, maar daar is verskeie temas wat soos die drade van 'n gevlegte tou deur die verlossingsgeskiedenis loop aan die hand waarvan 'n mens die verlossingsgeskiedenis kan lees. In hierdie artikel word geargumenteer vir hierdie voorgestelde tema as basis vir die konsep van die wet as 'n middel waardeur God sy volk tot volwassenheid lei.

### Die verlossingsgeskiedenis: God berei sy skoondogter voor om met sy Seun te trou

Die tweede gedeelte van Génesis 2:24 sê dat die man sy vrou sal aankleef en dat hulle een vlees sal word. Dit is wat gebeur by bevrugting, die begin van die lewe van 'n nuwe mens. Onmiddellik begin die nuwe lewe vermeerder. Dit is immers die opdrag aan die mens in Génesis 1:28: *Wees vrugbaar en vermeerder* ... Deur die verloop van Génesis groei die mensdom (ten spyte van die terugslag van die sondvloed). Génesis fokus egter op die ontstaan, groei en ontwikkeling van een spesifieke volk – die volk wat uit God se verbond met Abraham ontstaan (vgl. Gén. 12; 15; 17). Wanneer ons in Exodus kom, is hierdie babavolk vasgevang in Egipte, soos 'n vinnig groeiende baba in die moederskoot. Sy moet gebore word!

Exodus is belaai met 'n sterk geboortetema. Dit begin in hoofstuk 1 met die geskiedenis van die vroedvroue wat die Joodse babatjies laat leef toe Farao hulle wou doodmaak. Die vroedvroue word hiervoor met gesinne van hul eie beloon (vgl. Ex. 1:21). Die volgende hoofstuk handel oor die geboorte van Moses en die res van die boek oor die "geboorte" van die

volk Israel. In die konteks van die geboortetema van Exodus, is dit waarskynlik nie ongegrond om te argumenteer dat die volk uit bloed (van die pasgalam) en water (van die Skelfsee) gebore is nie. (Daar word selfs ’n fees ingestel om jaarliks die “geboorte” van die volk te gedenk!)

Die woestyntog kom ooreen met die eerste aantal jare van ’n kind se lewe. Soos ’n kindjie gevoer moet word, is die volk ook totaal afhanklik. Hulle moet kwartels en manna (vgl. Ex. 16) en water uit die rots kry (vgl. Ex. 17), en deur die wolk- en vuurkolom gelei word (vgl. Ex. 13). Soos ’n klein kind is die onvolwasse volk nog nie in staat om die karakter van God te ken, of om te onderskei wat presies Hy van hulle verwag nie. Daarom gee God sy wet as ’n middel waardeur hy sy volk tot volwassenheid lei.

Die ingang en verblyf in Kanaän, die land van belofte, verteenwoordig ’n fase waarin die volk nou al volwasse genoeg behoort te wees om meer selfstandig te funksioneer. Hulle behoort natuurlik altyd van God afhanklik te bly in die wete dat hulle alles uit sy hand ontvang en Hom moet aanbid as Skepper en Onderhouer van alle dinge, maar hulle moet nou hul eie wingerde plant, met vee boer, besighede vestig, ensovoorts. Hulle moet ook in ’n mate in hierdie tyd hulself regeer. Miskien kan ons die rigtertydperk assosieer met die tienerfase van kinders:

> ***In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë (Rigt. 17:6).***

Vir Israel om konings te hê, was wel altyd deel van die HERE se plan (vgl. Gén. 17:6; Deut. 17:14-20). Die probleem met die aanvanklike versoek in 1 Samuel 8 was dat die volk die verkeerde soort koning wou aanstel (vgl. 1 Sam. 8:5; Deut. 17:14-15a). Die “tienervolk” moet egter nou al iets begin verstaan van die beginsel van God se wet, van sy karakter en van sy verlossingsplan en behoort nou al meer verantwoordelikhede te kan opneem. Die ongehoorsaamheid van die volk en die gevolglike ballingskap mag dalk ook bekend klink. Ouer kinders misbruik dikwels die vryhede en verantwoordelikhede wat aan hulle geskenk en opgedra word, wat dan gewoonlik vir ’n beperkte tyd opgeskort word.

Uiteindelik is die koms van die Here Jesus Christus en sy bediening die begin van die volwassewording van God se volk. Die kerk, elkeen wat in Christus glo, is die volwasse volk van God (vgl. 1 Petr. 2:9 wat praat van gelowiges in Christus as God se volk). Paulus se frustrasie in 1 Korinthiërs 3:2 is byvoorbeeld sigbaar wanneer ’n volwasse kerk nog melkkos benodig (vgl. Hebr. 5:12-14). Die kerk staan nou in ’n volwasse verhouding met die Here Jesus en moet haar verantwoordelikhede om die koninkryk te bou, dienooreenkomstig aanneem (vgl. Mt. 28:16-20). Die treffende vergelyking van die verhouding tussen ’n man en sy vrou met die verhouding tussen Christus en sy kerk in Efésiërs 5:22-33, getuig ook van hierdie verbintenis. Die hoogtepunt van hierdie verhouding is natuurlik die bruilof van Openbaring 19:7-9:

> ***Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.***

Die bruid van Openbaring 19 is die kerk, die skoondogter wat God self voorberei het om met sy Seun, die Bruidegom, in die huwelik te tree.

### Die wet as ’n middel waardeur God sy volk tot volwassenheid lei

As ’n mens dit in gedagte hou, sien jy raak dat die fase van Israel se lewe waarin die wet gegee is, baie verklap van God se bedoeling daarmee. In die woestyn was die volk jonk. Sy was pas tevore uit Egipte gebore. Sy het die karakter van God nie geken nie; ook nie sy verlossingsplan nie. Sy het geen benul gehad van wat Hy van haar verwag het, of hoe sy moes optree nie.

God doen dan met Israel wat ons vandag nog met jong kinders doen wat nog nie ingewikkelde

1. Leraar van die AP Kerk Orania.

beginsels kan verstaan nie. Hy gee vir hulle reëls. Hy gee die Tien Gebooie as kern, maar Hy gee daarrondom vir hulle reëls/wette oor elke aspek van hul bestaan.

**Vir ons jong kinders verduidelik ons nie die konsep van rentmeesterskap om hulle te oortuig om nie balle in die huis rond te gooi nie. Ons maak 'n eenvoudige reël. As jy dit nakom, gaan dit met jou goed, maar as jy dit breek, kry jy 'n pak slae.**



So werk dit ook vir jong Israel (vgl. Deut. 28). Uiteindelik behoort dit nie nodig te wees om so 'n reël vir jou 18-jarige te maak nie. Hy kan die beginsel onderskei en die gees van die wet gehoorsaam sonder dat die letter daarvan nodig is.

Deur die wet na te kom, kon die volk stelselmatig leer wat die beginsel daaragter is. Sy kon uit ervaring leer dat die wet van God vir die mens goed is en 'n veilige lewensruimte bied. Die gees van die wet het toenemend neerslag gevind in die hart en die letter van die wet al hoe minder van belang gemaak (vgl. Jer. 31:33; 1 Kor. 3:3). Die wet het die volk geleer om heilig te wees, anders, afgesonder tot diens aan God (vgl. Lev. 11:44-45). Dit is dus steeds die manier waarlangs God sy kerk voorberei vir die bruilof met die Lam.

« Vervolg vanaf bl. 2

## Die Ou Testament is in wese Christelik

Christus leer nie net die diepste betekenis van die wet nie (vgl. Mt. 5-7), maar lééf dit deur tot die dood toe gehoorsaam te wees (vgl. Filip. 2:8). Inderdaad is die Tien Gebooie 'n tugmeester wat ons met groot geduld na Christus lei sodat ons deur geloof in Hom en sy volmaakte gehoorsaamheid, geregverdig kan word (vgl. Gal. 3:24). Deur sy Gees skryf Hy die wet op ons harte, sodat ons ook in die burgerlike samelewing ons naaste kan liefhê soos onsself.

Oor die vervulling van die profete is daar geen duideliker verklaring as dié van Christus self nie. Nadat Hy uit die boekrol van die profeet Jesaja voorlees, verklaar Hy: *Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul* (Lk. 4:21). Soos 'n refrein weerklink dit in die Nuwe Testament: ... *sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het* (Mt. 1:22).

Geskrif ná geskrif, verhaal ná verhaal, karakter ná karakter vind hul vervulling in Christus. Hý is die Een wat die kop van die slang vermorsel. Hý word deur Johannes die Doper uitgewys as die Een wat gegee is om ons plek as slagoffer in te neem as hy verklaar: *Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem* (Joh. 1:29b). Hý is die Broer wat sy broers verlos al verdien hulle dit nie. Hý word uit Egipte geroep om sy volk uit slawerny na die beloofde land te lei.

***... soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê* (Joh. 3:14-15).**

Hy is die groot Rigter wat sy volk van hul vyande verlos. Hy is die groter en beter Dawid wat sy kinders uit elke volk en taal en stam en nasie onder sy koningskap verenig en hulle met meer wysheid as Salomo lei (vgl. Mt. 12:42).

### Gevolgtrekking

Matthéüs 5:17 is 'n kernteks vir die verstaan van die Ou Testament en kan as hermeneutiese[5] sleutel daarvoor beskryf word. Christus gee hierdie sleutel aan die kerk om die Ou Testament se boodskap te ontsluit en te verstaan. Hy het gekom om die wet en die profete (en geskrifte), dit waarvan die Ou Testament getuig, te doen. Wie die Ou Testament los van God se verlossingsplan in Jesus Christus interpreteer, gaan oneerlik daarmee om.

5. Hermeneutiek is die vakgebied wat fokus op uitleg en interpretasie.

## DEEL 1: ÉFESE, SMIRNA EN PÉRGAMUS (Leidrade: Openbaring 2:1-17)

OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR

**KODELETTERS:** Elke letter word deurgaans deur 'n bepaalde syfer verteenwoordig. As K = 1, sal al die blokkies wat 1 gemerk is, dus K's wees. Gebruik leidrade om die kode te ontsyfer.



| 8 | 9 | 2 | 7 | 6 | 10 | 1 | 4 | 11 | 13 | 3 | 5 | 12 | 15 | 14 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | | | | H | | K | L | | | O | | | | |

### DWARS

5. Dui op hemelse heerlikheid (2:17)
6. Volhardend in geloof vashou (2:7)
8. Hulle is bekend vir wandade (2:6)
11. Moedergemeente in Asië (2:1)
13. Dit kan weggeneem word (2:1)
16. Herinner jouself (2:5)
19. Simbool vir oorwinning (2:10)
20. Allesopofferend vir Christus (2:3)
21. Wonderrantsoen van God (2:17)
25. Aanhang van valse leerstuk (2:14)
27. Geneentheid het afgekoel (2:4)
28. Om te verafsku (2:6)
29. Leraar of voorganger (2:1)
30. Bedryf van seksuele sondes (2:14)
31. Ewige bestemming van gelowiges (2:7)

### AF

1. God se hoofteenstander (2:9)
2. Inspanning en geswoeg (2:2)
3. Dit gebeur weens uitbuiting (2:8)
4. Agteruitgegaan, teruggeval (2:5)
5. Rondgaan tussen gemeentes (2:1)
7. Sentra van geleerdheid (2:12)
9. Om bewus te wees van iets (2:8)
10. Toegangskaart tot feesmaal (2:17)
12. Setel van die duiwel (2:12)
14. God se getroue getuie (2:13)
15. Hul dade is bekend aan Christus (2:2)
17. Luister, gee aandag (2:7)
18. Sentrum van keiserkultus (2:8)
20. Weggesteekte (2:17)
22. Vals profete in Éfese (2:2)
23. Agterbakse slinksheid (2:2)
24. Ommeswaai in denke (2:5)
26. Dui op mag en vryspraak (2:12)



## "Maar ek sê vir julle ..."

# Verandering, verbetering, verwerping of vervulling van die wet?

**Ds. Greyling van Rooyen**[1]

In die bergrede vind ons uitsprake van Christus wat voorkom asof dit direk teenoor die Ou Testamentiese beginsel en selfs die wet staan. Dit is uitsprake waar Christus op die oog af iets anders sê as wat die mense geleer is. Dit het 'n soortgelyke formule gevolg: "Julle het gehoor ... maar Ek sê vir julle." Of: "Daar is ook gesê ... maar Ek sê vir julle."

- ***Julle het gehoor ... Jy mag nie doodslaan nie ... Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen* (Mt. 5:21-22).**
- ***Julle het gehoor ... Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het* (Mt. 5:27-28).**
- ***Julle het gehoor ... Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê ...* (Mt. 5:43-44).**




*Fariseërs en skrifgeleerdes*

Dit is maar 'n paar voorbeelde van dié uitsprake van Christus. Is dit wat Hy dan sê 'n verandering, verbetering of verwerping van die wet? Sou 'n mens na die bogenoemde verse in isolasie kyk, is dit baie moontlik om tot so 'n gevolgtrekking te kom. Maar dan vergeet ons oor wie Christus gepraat het en mis ons die betekenis wat Hy aan die mense wou oordra.

### Die letter van die wet

Hierdie uitsprake van Christus vorm deel van 'n gedeelte waar Hy die wet bespreek, asook wat sy koms ten opsigte van die wet beteken. Redelik vroeg in die bespreking vind ons 'n leidraad wat van kardinale belang is om te verstaan wat Christus in die gedeelte met die uitsprake bedoel:

> ***Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie* (Mt. 5:20).**

Christus praat met die skare oor die manier waarop God se wet aan hulle oorgedra is. Dit was die verantwoordelikheid van die Fariseërs en skrifgeleerdes om die wet te interpreteer en aan die mense te leer. Dit is waar die probleem ontstaan het en die rede waarom die mense nie met lus die wet onderhou het nie.

Vir die Fariseërs en skrifgeleerdes was die onderhouding van die wet 'n koue en kliniese handeling. Só het hulle geleef, en só het hulle ander ook geleer. Hulle leer en lewe was ten diepste niks meer as 'n valse geregtigheid gebaseer op werkheiligheid nie, presies dit wat hulle ook aan die mense as "waarheid" oorgedra het.

In hul oë het geregtigheid gehandel oor wat die mens gedoen het. Hulle het gepoog om die wet in vlees te gehoorsaam, maar nie

in gees nie. Vervolgens het hulle geluister na die letterlike van wat God gespreek het, maar die bedoeling daarvan geïgnoreer. Die Fariseërs en skrifgeleerdes het die wet van God beperk tot die uiterlike en nooit deel van die innerlike gemaak nie.

Christus beskuldig die Fariseërs en skrifgeleerdes daarvan dat hulle van die wet van God 'n politieke instrument gemaak het, waar God dit eerder gegee het as instrument om die hart aan te spreek. Vir hulle het dit gegaan om die letter van die wet, niks meer en niks minder nie. Dit is hierdie verkeerde gesindheid wat Christus aan die skare wou uitwys, naamlik dat dit nie net handel om die letter van die wet nie, maar eerder om die hart van die saak.

## Die hart van die saak

Christus se "Ek sê vir julle"-uitsprake staan teenoor die interpretasie en betekenisse wat die Fariseërs en skrifgeleerdes daaraan toegeskryf het. Hy begin deur die mense te wys op wie Hy is. Hy is die Here wat hulle leer! Die waarheid en regte betekenis dra oneindig meer gewig as enige skewe interpretasie of tradisie, ongeag hoe oud dit is.

Hy gaan voort en wys die skare verder daarop dat reeds toe God die wet aan Moses gegee het, Hy nie net tot die hande en oë nie, maar ook tot die harte van die mense gespreek het. Die Fariseërs en skrifgeleerdes se eng, letterlike interpretasie van die wet is eenvoudig nie genoeg nie.

Daarom sê Christus aan die skare dat hulle geregtigheid *oorvloediger* as dié van die Fariseërs en skrifgeleerdes moet wees, want dit moet 'n saak van die hart wees. Dit is nie genoeg om bloot dit wat die wet verbied, te vermy nie. Jy is ook veronderstel om juis te doen wat die wet van jou verwag om te doen. Wat jou hand doen, moet 'n verlenging wees van dit wat in jou hart leef.

Ten diepste het Christus die rede aangespreek waarom ons na die wet moet luister. Vir die Fariseërs en skrifgeleerdes van die lewe gaan dit om eie geregtigheid en verdienste. Vir 'n volgeling van Christus gaan dit oor geregtigheid in Christus en dankbaarheid vir sy verdienste. Ons gehoorsaam nie om gered te word nie, maar omdat ons gered is! Die hart van die saak is dat dit handel oor die hart van die wet:

> ***En nou, Israel, wat eis die HERE jou God van jou as net om die HERE jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die HERE jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel* (Deut. 10:12).**

## Slot

Dit bring ons terug by die vraag of Christus se uitsprake in die bergrede bedoel was om 'n verandering, verbetering of verwerping van die wet te wees. Wou Christus dit verander? Glad nie. Christus gee nie 'n alternatief naas gehoorsaamheid aan die wet as eis tot 'n heilige lewe nie. Hy het nie as 'n nuwe Wetgewer gekom om nuwe eise by te voeg by dit wat God reeds bepaal het nie.

Wou Christus die wet verbeter of meer daarby voeg deur sy uitsprake? Nee, niks kan verder van die waarheid wees as so 'n siening nie. Die wet was nie slegs die "beginpunt" van 'n heilige lewe, met Christus wat verder daarop uitgebrei het nie. In die wet het God die reël van die lewe vasgelê. Christus het slegs die mense gewys waar hulle van die ware bedoeling van die wet afgewyk het.

Was sy uitsprake 'n teken daarvan dat Hy die wet verwerp het? Onder geen omstandighede nie! Hyself hou dit voor as die wyse waarop 'n mens heilig moet leef. Sy uitsprake maak dit tog duidelik:

> ***Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie* (Mt. 19:17b).**

Het Hy dan die wet vervul? Deur die genade van God, ja! As God is Christus tog die beste geskik om as interpreteerder en ontleder van die wet op te tree, want Hy weet presies wat God met die wet bedoel. Hy ken die letter van die wet, maar Hy verstaan ook die hart daarvan ten volle.

Dít is wat Hy met sy uitsprake in die bergrede aan die skare verduidelik het. Dít is sy boodskap wat vandag steeds geld. Die wet eis nie 'n koue en kliniese gehoorsaamheid wat stop by die werke nie, maar 'n hart vir God wat leef in dankbaarheid tot Hom. Dít is wat Hy vervul het in ons plek, juis omdat ons dit nie self nie kon en steeds nie kan doen nie:

> ***Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul* (Mt. 5:17).**

---

1. Leraar van die AP Kerk Potgietersrus.



# Die belangrikheid van die wet in kinderopvoeding

**Yavor Rusinov**[1]

***Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die Here moet hou om geregtigheid en reg te doen; sodat die Here oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het* (Gén. 18:19).**

Ongeveer 4 000 jaar gelede het God aan Abraham een van die eerste spesifieke opdragte gegee oor hoe om kinders in die vrees van die Here op te voed, naamlik in geregtigheid en reg. Geregtigheid en reg is terme wat in Christelike denke dikwels vae, abstrakte idees is wat selde praktiese toepassing het. Dit word gewoonlik beskou as die juridiese status wat Christene voor God beklee wat Hy aan hulle toereken, maar terselfdertyd bly dit vae, Ou Testamentiese begrippe.

Maar selfs al aanvaar ons dat geregtigheid en reg bloot juridiese begrippe is, hoe onderrig ouers hul kinders daarin? Stel jou voor 'n pa sê vir sy seun: "Kom, my seun, vandag sal ek jou leer hoe om geregtigheid te doen." Hoe doen jy dit? Of hoe het jou ouers dit gedoen? Onthou dat Abraham nie net sy kinders moes leer om geregtigheid en reg te *doen* nie, maar hulle daarin moes *oefen*.

Geregtigheid en reg is nie toevallige terme nie. In Psalm 89:14 vind ons dat God op 'n troon sit waarvan die fondament "geregtigheid en reg" is! Duisende jare later het God se troon steeds dieselfde onveranderlike fondament. Ons het egter 'n probleem, naamlik dat die betekenis van hierdie twee terme vir ons wat in die 21ste eeu leef, baie abstrak klink. Ons weet dikwels nie wat om daarmee te doen nie.

Die Hebreeuse woord wat gewoonlik as "reg" vertaal word, is *mishpat*, wat "orde" beteken – waar alles op hul bestemde plek bestaan en in die regte verhouding tot mekaar staan. 'n Afwyking van hierdie oorspronklike orde word "onreg" of "korrupsie" genoem. Die aksie wat hierdie onreg regstel en God se oorspronklike skeppingsorde herstel, word *mishpat* genoem.

Vir *mishpat* om plaas te vind, moet daar eers 'n oordeel gevel word oor wat goed of kwaad is. Hierdie oordeel word altyd teen 'n bepaalde standaard gemeet. Die enigste standaard wat ons vir goed en kwaad het, is God se wet. Wanneer ons met ons verstand probeer oordeel wat goed en kwaad is, boots ons God met ons denke na, net soos wat ons Hom met ons dade navolg.

Die besluit (oordeel) om die oorspronklike skeppingsorde te herstel (*mishpat*), verander 'n mens en skep 'n toestand van seën. Seën beteken om die mens in ooreenstemming met God se orde te bring. Wanneer 'n mens 'n lewe van onreg leef, dit wil sê in 'n toestand wat teenstrydig met God se skeppingsorde is, beteken dit dat hy in opstand teen God leef. Hierdie opstand vervorm die mens en lei tot 'n toestand van vervloeking. Wanneer iemand of iets vervloek is, is verwydering uit die sisteem van verhoudings wat geregtigheid in die wêreld uitmaak, die uiteinde. So is Kain, nadat hy moord gepleeg het, vervloek en verban en kon hy nie meer die grond bewerk om voedsel deur landbou te produseer nie (vgl. Gén. 4:11-12).

*Mishpat* beteken vergeldende geregtigheid. Dit verwys na die oppergesag van die wet.

Tog is *mishpat* alleen nie genoeg om 'n goeie en verantwoordelike kind groot te maak nie. Dit moet aangevul word met *tzedakah*. *Tzedakah* is 'n term wat moeilik vertaal word. Dit kombineer twee teenstrydige idees – genade/barmhartigheid en geregtigheid. Stel jou voor ek moet jou R1 000 gee. Jy is óf daarop geregtig, óf nie. As jy daarop geregtig is,

is my teruggawe 'n daad van geregtigheid. As jy nie daarop geregtig is nie, is my daad genade. *Tzedakah* het gelyktydig die betekenis van beide. Wanneer jy iemand in nood help en barmhartigheid aan hom bewys, beoefen jy *tzedakah*. Dit beteken om van die hulpbronne wat God aan jou toevertrou het, te neem en dit aan noodlydende mense te gee.

*Tzedakah* beteken uitdelende geregtigheid. Dit verwys na die verantwoordelikheid om goed te doen.

Wanneer Christus sê dat ons eers die koninkryk van God en sy geregtigheid moet soek en alles anders vir ons bygevoeg sal word, beteken dit in ons moderne taal: Oordeel en herstel God se orde in alle dinge – gesin, opvoeding, ekonomie, politiek, ensovoorts, en neem verantwoordelikheid daarvoor.

Byvoorbeeld: 'n Man wat ontrou was aan sy vrou, tot bekering kom en verander, moet twee dinge doen. Eerstens moet hy die oorspronklike orde van die gesin herstel, naamlik om volgens die sewende gebod getrou aan sy vrou te wees. Dit alleen is egter nie genoeg vir 'n gesonde gesin nie. Nadat hy die oorspronklike orde herstel het, moet hy nou proaktief wees en verantwoordelikheid neem om goed te doen aan sy vrou en vir haar te sorg. Wanneer die man orde herstel en verantwoordelikheid neem, kan die gesin verwag dat God hulle sal seën.

In die ekonomie is dit in die eerste plek nodig dat korrupsie en bedrog uitgeskakel word.

Wanneer geregtigheid herstel en gewaarborg is, moet maatskappye en werkgewers leer hoe om verantwoordelik te wees en hul werknemers te versorg. Verantwoordelikheid vir hul werknemers en die kwaliteit van hul produkte, behoort hul hoogste prioriteit te wees. Wanneer dit gebeur, kan hulle God se seën verwag.

In die onderwys behels die herstel van orde om lae standaarde en korrupsie uit te skakel, en indoktrinasie en die vervanging van waardes en prioriteite, stop te sit. Sodra orde herstel is, moet studente verantwoordelikheid neem en die tyd uitkoop deur dit in kennis en vaardighede om te skakel waarmee ander gedien kan word. Wanneer dit gebeur, kan hulle God se seën verwag.

In die politieke sfeer behels die herstel van orde om korrupsie uit te roei en om regverdige siviele howe daar te stel. Nadat orde herstel is, moet die samelewing die weerloses en swakkes versorg. Onderwys- en maatskaplike beleid moet op ontwikkeling gerig wees, en nie op beheer oor mense nie. Wanneer dit gebeur, kan die samelewing God se seën verwag.

***Om kinders in die vrese van die Here op te voed, beteken om hulle te leer om God se oorspronklike orde te soek, dit te herstel en goed te doen. Dit beteken om hulle te leer om reg te oordeel en kreatief te wees. Dit beteken dat hulle nie tevrede moet wees met die wêreld soos wat dit is nie. Hulle moet leer om verantwoordelikheid daarvoor te neem en dit beter te maak.***

Hierdie twee kenmerke van God se weg is die fondament van die verlossing van hierdie wêreld. Om aktief te wees sonder die vermoë om reg te oordeel, lei dikwels tot kwaad. Oordeel sonder optrede, is passief en kan nie die kwaad beveg nie. God se selfopenbaring in die geskiedenis het een doel voor oë: Om sy oorspronklike orde te herstel en die wêreld te verbeter of, met ander woorde, dit te verlos.

God se wet is nie bloot godsdienstige reëls oor wat om te doen of nie te doen nie. Dit is 'n sisteem om geregtigheid in hierdie wêreld te herstel en te vestig deur die mens op te voed ten opsigte van sy verantwoordelikheid teenoor die skepping en sy medemens. As ons wil hê dat ons kinders God se seën moet beleef en Hom nie hul vyand maak nie, moet hulle vroeg in die geregtigheid en goedheid van God se wet opgevoed word. Hulle [en ons] is immers sy handewerk ... *geskape in Christus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel* (Efés. 2:10).

Alles anders is blote wensdenkery.




**Hierdie boek is beskikbaar by www.liginduisternis.co.za**

1. Skrywer: *Ewige beginsels om suksesvolle kinders groot te maak*.



# Seremoniële wette: Gefokus op heiligheid

**Ds. Lourens du Preez**[1]

**Seremonies is deel van enige kultuur. Dit dra by tot 'n dieper betekenis van 'n bepaalde gebruik en beklemtoon die doel daarvan. Wanneer ons na die seremoniële wette in die Ou Testament kyk, moet ons dit aan die hand van Levítikus 19:2 verstaan: *Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig.***

## Heilig van aard

God gee opdrag dat al die seremonies soos die offerandes en feeste, op 'n bepaalde wyse geskied. Sodoende onderstreep elke unieke seremonie die heiligheid of "andersheid" van die volk Israel as verbondsvolk. 'n Voorbeeld hiervan kry ons in Levítikus 16, waar God aan die hoëpriester opdrag gee om homself eers met water te reining voordat hy die offers namens die volk kan bring.

**Deur hierdie seremonie word die hoëpriester as middelaar tussen God en die volk gereinig en toegerus om hierdie belangrike versoeningsoffer te bring. Die aard van hierdie seremonie is om die hoëpriester te heilig sodat hy in die Allerheiligste en in die teenwoordigheid van God kan ingaan.**

## Doelgerig tot heiligheid

Seremoniële gebruike het altyd 'n bepaalde doel. 'n Bruid wat 'n wit rok op haar troudag dra, simboliseer haar maagdelike reinheid. Elke seremoniële wet waarvan ons lees, is doelgerig. Dit beklemtoon die heiligheid van die volk Israel in diens van God. God is heilig, daarom moet sy volk ook heilig wees. Dit word deur die seremoniële wette onderstreep.

## Vervul in Christus

Vandag is daar baie mense wat wonder of die Ou Testamentiese wette nog 'n doel het. Ons moet verstaan dat Christus in en deur sy aardse lewe, lyding en dood hierdie wette vervul. Neem die reiniging van die hoëpriester as voorbeeld: Christus word in Mattheüs 3:13-17 deur Johannes die Doper gedoop. Daar vind 'n gesprek plaas waarin Johannes protesteer om Jesus te doop, aangesien hy (Johannes) deur Jesus gedoop (gereinig) moet word. Christus se antwoord aan Johannes is dat dit moet gebeur sodat alle geregtigheid "vervul" word. Die verkryging van geregtigheid het in die Ou Testament deur middel van offers geskied – offers wat die hoëpriester moes bring nadat hy gereinig is. Die Here Jesus se doop staan direk in verband met die reiniging van die hoëpriester, aangesien Hy die laaste en die groot Hoëpriester is wat die finale offer bring tot volle versoening van die mensdom se sonde. So word elkeen van die seremoniële wette in Jesus Christus vervul. Hy is dié Heilige wat ons, sy bruid, deur sy dood heilig (vgl. Efés. 5:26).

## Eietydse relevansie

Is hierdie wette steeds relevant? Moet ons dit steeds onderhou? Die Ou Testamentiese seremoniële wette is nie meer vandag in gebruik nie, maar dit verander nie die relevansie daarvan nie. Deur die wette het God aan sy volk die erns en noodsaaklikheid geopenbaar om heilig te wees, aangesien Hy heilig is. Gelowiges word in die Nuwe Testament tot 'n nuwe lewe opgeroep, 'n lewe van getuienis en vrug. Hierdie eis wat aan ons gestel word, is 'n eis van heiligheid – om uit 'n diepe dankbaarheid vir die groot genade wat ons in Christus ontvang het, te leef. Efésiërs 5:26 beklemtoon die feit dat dit wat Jesus Christus vir ons gedoen het, Hy gedoen het om ons te heilig. Daarom moet ons elke dag in heiligheid leef.

Hierdie opdrag tot heiligheid stel gelowiges in 'n direkte

1. Leraar van die AP Kerk Hoopstad.

Vervolg op bl. 17 »



# God se morele wette: Tydlose etiek

**Ds. Gerrie Kruger**[1]

Wanneer 'n mens na al die wette in die Bybel kyk, staan die wette bekend as die etiese/morele wette, bo die ander uit. Hoewel die Tien Gebooie die kern daarvan vorm, is dit nie die enigste etiese wette wat in die Bybel opgeteken is nie. Die doel van hierdie wette is om aan die mens riglyne te gee wat hom in staat stel om volgens die beginsels van regverdigheid, liefde en gehoorsaamheid aan God te leef.

Maar is dit nie wettisisme nie? As jy geen wette het nie, eindig jy met wetteloosheid. Iemand het eenkeer gesê: "Wettisisme maak die genade van God nutteloos, terwyl wetteloosheid die fondament van morele orde ondergrawe – beide bedreig ons behoorlike verhouding met God."

Die nakom van morele wette is soos die reëls van enige sport of spel. Ek speel my hele lewe lank skaak. Ek het nog nooit gehoor dat 'n speler in 'n skaakspel sommer sy kasteel skuins laat loop of op 'n ander blokkie sit omdat hy nie daarvan hou om deur die reëls van skaak gebind te word nie. 'n Speler kan ook nie die reëls hanteer asof dit bloot riglyne is nie. Sonder reëls, kan niemand skaak sinvol speel en dit geniet nie.

Die Tien Gebooie (vgl. Ex. 20:1-17) is hoofsaaklik in 'n negatiewe vorm. Neem Exodus 20:3 as voorbeeld: *Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie.*

Dit is in 'n negatiewe vorm, die teenoorgestelde van wat die mens veronderstel is om te wees. God het nie nodig gehad om daardie wet vir Adam en Eva te gee nie, want voor die sondeval het die mens nie in God se bestaan getwyfel of enige begeerte gehad om ander gode te soek of te aanbid nie. Die meeste van die Tien Gebooie is die negatiewe vorm (teenoorgestelde) van wat die mens voor die sondeval was. Net soos die ou filmkameras wat 'n negatiewe beeld geneem het wat eers ontwikkel moes word, so is die morele wet 'n negatiewe beeld wat die reeds bekeerde mens ontwikkel tot die beeld van God!

Hoewel die etiese wette bekeerdes tot die beeld van God hervorm, kan dit ons verhouding met God nie herstel nie en kan dit ons ook nie regverdig maak voor God nie. Daarom is dit slegs deur Jesus Christus se nakoming van hierdie wette en sy vervulling daarvan aan die kruis, dat ons met God versoen kan word.

Maar wat het ons dan ná Christus se opstanding met die wette te doen? Behalwe dat dit 'n negatiewe beeld van die mens voor die sondeval skets, is God op hierdie wyse besig om aan ons sy meesterplan vir die lewe te openbaar.

Christus sê in Johannes 14:15: *As julle My liefhet, bewaar my gebooie.* Waarom word die gebooie aan liefde vir God gekoppel? As God jou red en jou van jou sondes verlos, dan is jy nie meer 'n slaaf van die sonde nie, maar 'n dienskneg van God. Jy is egter meer as 'n dienskneg, jy is God se kind, en as jy sy kind is, beteken dit dat die Heilige Gees aktief in jou werk. Wat doen Hy aan jou wanneer Hy in jou werk? Hy werk in jou om jou deur sy genade na God se beeld te hervorm. Hy kweek in jou 'n begeerte om jou liefde vir God deur jou gehoorsaamheid aan sy wet te bewys. Soos jy elke dag meer en meer ontwikkel, sal jy meer en meer sy beeld vertoon.

Baie mense is gekant daarteen om die wet van God na te volg, want hulle is gekant daarteen dat enige iemand vir hulle sê wat om te doen. Ander is bang vir "wettisisme". Tog bewerk die Heilige Gees die teenoorgestelde van wettisisme, naamlik die begeerte om jou liefde vir God en Christus deur gehoorsaamheid uit te leef, en uit dankbaarheid al hoe meer soos die Here Jesus te word.

1. Leraar van die AP Kerk Kareedouw.



# Die burgerlike wette van die Ou Testament

**Ds. Joubert Ferreira**[1]

Ons leef in 'n wêreld waar die toepassing van wette soms so onlogies voorkom dat 'n mens nie weet of jy moet lag of huil nie. Ons onthou nog die belaglike COVID-19-wet wat ons verbied het om "plakkies" of enige ander ooptoonsandaal te koop, so asof COVID-19 van die vloer af teen jou "oop tone" gaan opklim. In Amerika is daar selfs wetgewing wat jou verbied om 'n donkie in 'n bad aan te hou. Hierdie is lagwekkende gevalle van burgerlike wette, maar die eintlike doel daarvan is om die samelewing met reëls wat nodig is om ordelik te funksioneer, te dien.

Net so het die Ou Testamentiese Israel burgerlike wette gehad – nie net vir orde nie, maar om iets dieper te reflekteer: God se geregtigheid en sy plan vir sy volk. Hierdie wette het nie net 'n regsorde vir Israel geskep nie, maar dra ook teologiese en morele implikasies vir die kerk van vandag.

## Aard van die burgerlike wette

Die burgerlike wette van die Ou Testament sluit in wette oor eiendomsreg, strafreg, ekonomiese verhoudings en sosiale geregtigheid. Hierdie wette was spesifiek van toepassing op Israel as 'n teokrasie (m.a.w. 'n volk wat direk onder God se regering staan). In teenstelling met die morele wet (Tien Gebooie), wat universeel en tydloos is, was die burgerlike wette direk gekoppel aan Israel se spesifieke verbondsidentiteit en samelewingstruktuur.

**Die burgerlike wette weerspieël egter steeds God se karakter en regverdigheid. Hulle wys hoe geregtigheid in 'n samelewing moet funksioneer en hoe liefde vir die naaste in die regsorde sigbaar moet word.**

Hoewel ons nie meer onder hierdie spesifieke wette as bindende regulasies leef nie, leer ons steeds beginsels daaruit oor reg, geregtigheid en naasteliefde.

## Doel van die burgerlike wette

Die burgerlike wette het die volgende ten doel:

1. ***Handhawing van geregtigheid en orde***
Dit reël die maatskaplike en ekonomiese lewe van Israel en verseker dat geregtigheid gehandhaaf word.

2. ***Beskerming van die weerloses***
Dit toon God se hart vir vreemdelinge, weduwees en wese (vgl. Ex. 22:21-24) wat maklik uitgebuit word.

3. ***Afsondering van die nasies***
Dit onderskei Israel van die heidense nasies rondom haar (vgl. Lev. 18:3-5).

4. ***Voorbereiding vir Christus***
Dit berei Israel voor op die koms van die Messías deur orde en geregtigheid te handhaaf as deel van God se verbondsverhouding met sy volk.

## Vervulling in Christus

Met die koms van Christus het die burgerlike wette hul vervulling in Hom gevind (vgl. Mt. 5:17). Hy het die regverdige vereistes van die wet volkome vervul deur sy gehoorsaamheid en offer aan die kruis. Christus se koninkryk is nie 'n aardse teokrasie soos Israel s'n nie, maar 'n geestelike ryk waar geregtigheid deur die evangelie verkondig en uitgeleef word (vgl. Joh. 18:36).

Die Nuwe Testament bevestig dat gelowiges nie meer onder die burgerlike wette van oud-Israel staan nie (vgl. Gal. 3:24-25), maar dit beteken nie dat hierdie wette waardeloos is nie. Hulle leer ons steeds oor God se geregtigheid en hoe 'n samelewing ordelik en regverdig behoort te funksioneer.

## Relevansie vir vandag

Hoewel die burgerlike wette nie direk op die kerk van toepassing is of bindend op burgerlike



samelewings is nie, bly die beginsels relevant:

1 ***Geregtigheid en regverdige samelewings***
Hulle herinner ons daaraan dat God geregtigheid liefhet en dat regerings regverdig moet optree (vgl. Rom. 13:1-4).

2 ***Sorg vir die weerloses***
Hulle herinner ons daaraan dat armes, weduwees en vreemdelinge beskerm en regverdig behandel moet word.

3 ***Die rol van die wet in etiek***
Hulle bied wysheid vir die ontwikkeling van regstelsels en morele norme wat op Bybelse waardes gegrond is.

4 ***Die kerk as 'n morele gemeenskap***
Hulle leer ons hoe om as geloofsgemeenskap ordelik en in liefde saam te leef, hoewel hulle nie meer as regsdokumente vir die kerk geld nie.

### Gevolgtrekking

Wette, hoe vreemd ook al, dien 'n doel. So het die burgerlike wette van die Ou Testament 'n Goddelike doel gehad. Hulle was nie lukraak nie, maar het Israel se samelewing gereël, God se geregtigheid weerspieël en vooruitgewys na Christus, wat die wet vervul het. Vandag moet ons nie meer hierdie wette as burgerlike verpligtinge onderhou nie, maar ons kan steeds hul wysheid en morele beginsels in ons lewens toepas, terwyl ons in Christus rus as die ware vervulling van God se regverdigheid.

1. Leraar van die AP Kerk Hoedspruit.




«Vervolg vanaf bl. 17

## Seremoniële wette: Gefokus op heiligheid

kontras met die wêreld, soos wat die seremoniële wette die volk van ouds ook duidelik van die heidense volke rondom hulle onderskei het. Die primêre verskil is dat die volk van ouds se lewe en seremonies om afwassing en reiniging roep, terwyl Christene se lewens van daardie afwassing getuig.

### Ten slotte

Die beginsel van heiligheid is van die begin af in die Bybel aanwesig. Deur die sondeval word die heiligheid van die mens aangetas en daarom kom Jesus Christus deur sy diepe liefde om ons te reinig, sodat ons heilig en sonder gebrek voor God kan wees. Ons opdrag is om elke dag, tot eer van God, meer en meer heilig te leef as teken daarvan dat ons gereinig is.



STORIE VAN HOOP

# Die Here se genade is groot ...

MARLÉ JANSE VAN RENSBURG

**Op 15 September 2023 het my lewe soos handomkeer verander. Ek was op pad om by my ouers vir die naweek te kuier. Ongeveer 30 km van die huis af het ek los gruis getref, beheer oor my motor verloor en gerol.**

Op die ongelukstoneel het ek my bewussyn herwin en besef wat gebeur het. My eerste woorde was:

> **"Dankie Here Jesus, ek leef! Beskerm my asseblief."**

Kort daarna het 'n plaaswerker verbygekom en my gevra of ek reg is. Ek het gesê ek is, waarna hy pad toe is om hulp te ontbied (my motor is deur die draad en was nie maklik sigbaar van die pad af nie). Toe het ek besef dat ek nie my bene kon voel of beweeg nie.

Twee mans het gestop, met my gepraat en my ouers gekontak. Hulle het ook die polisie en ambulans gebel. Hulle het gesukkel om my uit die wrak te bevry. Die motor was op sy sy en ek het op die agterste sitplek beland. Ek het my sitplekgordel gedra, maar die impak was groot en my sitplek het losgebreek. Op die ongelukstoneel het my liggaam in skok gegaan. My bloeddruk was verskriklik laag en ek moes eers gestabiliseer word voordat ek vervoer kon word.

Die naaste hospitaal waar ek gestabiliseer kon word, was Hoogland MediClinic op Bethlehem. Daar het hulle magnetiese resonansbeelding (MRB) en rekenaartomografie (RT) gedoen om te bepaal hoe ernstig my beserings was. Ek het 'n groot sny aan die linkerkant van my kop gehad. Hulle moes van my hare afskeer om steke in te sit. Met die skanderings het hulle gesien dat my linkersleutelbeen, drie rugwerwels en ribbes gebreek was. Genadiglik was my rugmurg nie af nie.

Ek is van Betlehem na MediClinic in Bloemfontein oorgeplaas. Op 18 September moes hulle my intubeer – ek het baie swaar asemgehaal as gevolg van my gebreekte ribbes en vog op die longe. Ek was baie siek en kan weens die sedasie nie veel onthou nie. Ek het baie gedroom en kon nie tussen die werklikheid en my drome onderskei nie. Ek het wel alles gehoor wat mense rondom my gesê het.

Vroeg die oggend van 6 Oktober het my ouers 'n oproep ontvang:

"Marlé het begin bloei." My lugpypsny het onophoudelik gebloei. Om alles te kroon, was die hospitaal se bloedvoorraad uitgeput. My lewe het aan 'n draadjie gehang en die dokters het vir my ouers gesê dat daar 'n kans is dat ek breinskade mag hê ná die erge bloeding en vreeslike lae bloeddruk. Ek was baie siek en baie mense het vir my gebid. Op 23 Oktober het ek my bewussyn heeltemal herwin. My arms en hande was vreeslik swak en my grootste vrees was dat ek nie weer sal kan skryf of skilder nie. Ek het sterker geword en kon stelselmatig weer skryf.

Ná 53 dae in die intensiewesorg-eenheid is ek na 'n rehabilitasie-sentrum oorgeplaas. Ek het geglo hulle sal my kan help dat ek weer kan loop. Ek het so geglo en so gehoop ... Die dokters het egter bevestig dat ek nie weer sou kon loop nie, maar dat dit nie onmoontlik is nie. "Niks is vir God onmoontlik nie, dis in sy hande," was die dokter se woorde.



Ná 10 weke in die rehabilitasiesentrum en vier maande ná die ongeluk, is ek ontslaan. Ek was baie swak, maar dankbaar dat ek huis toe kon gaan. Ek moes besluit of ek myself gaan jammer kry en of ek gaan probeer om elke dag my beste te doen. Die moeilikste was om vrede te maak met die feit dat ek nie meer onafhanklik kon funksioneer nie. Die Here leer 'n mens egter leef met die ingesteldheid dat daar altyd iets is om voor dankbaar te wees. Voor die ongeluk was ek baie lief vir skilder, om dinge te maak en kreatief te wees. Ek het begin om mense se troeteldiere en gesinsfoto's te teken.

Ek is nou, meer as ooit tevore, dankbaar dat ek nie breinskade opgedoen het nie en dat ek nog steeds kan dink, my hande en arms kan gebruik, kan hoor en sien. Mense sê gereeld vir my: "Ek weet nie hoe jy dit doen nie! Jy is so positief en jy is so 'n groot inspirasie." My antwoord is eenvoudig: Dit is net deur die Here se genade. Uiteindelik is dit nie hoe jy val nie, maar hoe jy opstaan, of in my geval "opkom", wat tel. ☺

## BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2025

| Graad | Ou Testament | Nuwe Testament | Handboek |
|---|---|---|---|
| **Graad 4** | Génesis 6-9; Exodus 12 | Matthéüs 21-23 | Les 1-9 |
| **Graad 5** | Númeri 22-24 | Lukas 4-5; Johannes 10-11 | Les 1-9 |
| **Graad 6** | Rut 1-4 | Handelinge 4-6; Filippense 3-4 | Les 1-9 |
| **Graad 7** | 1 Samuel 8-10; 1 Konings 3 | 1 Thessalonicense 1-5 | Les 1-9 |
| **Graad 8** | Levítikus 1-3; Nehemía 1-4 | Jakobus 4-5; 1 Petrus 3-4 | Les 1-9 |
| **Graad 9** | Daniël 4-6; Jes. 12-14 | 1 Johannes 1-3 | Les 1-9 |
| **Graad 10** | Hoséa1-3; Joël 1-2; Job 5 | Efésiërs 1-2; Hebreërs 5-6 | Les 1-9 (nuwe boek) |
| **Graad 11** | Miga 1-3; Nahum | Romeine 9-11; 2 Korinthiërs 1-3 | Les 1-9 (ou of nuwe boek) |
| **Belydende lidmate** | Exodus 32-34; Nehemía 1-4 | Hebreërs 11-13; Openbaring 5-8:2 | NGB: Artikels 30-32 |



# Afrikaners wat teruggryp na Joodse wettisisme

**Prop. Pieter van Deventer**[1]

"Mamma, hoekom mag ons nie volgende week by ons maatjies kuier nie?" wou ek as 10-jarige weet, op pad terug van 'n baljaarsessie op die kleinhoewe van die einste maatjies.

"Want volgende week gaan hulle nie by hul huis wees nie," antwoord my ma. "Volgende week gaan hulle almal in hutte bly. Hulle glo hulle moet nog die huttefees van die Bybel hou."

Dit is die eerste keer wat ek te doen gekry het met die idee dat 'n mens die feeste en tempelwette van die Ou Testament vandag nog moet onderhou. Soos ek ouer geword het, het ek agtergekom dat dié idee wydverspreid onder sommige Afrikaners voorkom. Ek het ook agtergekom dat hierdie beweging (as jy dit só kan noem) as Israelvisie bekendstaan.

Ons moet raaksien dat hierdie beweging groot probleme het. Op die mees basiese vlak behels dit 'n misverstand oor ons plek in die Bybelse verhaal.

> **Die gevolg van hierdie misverstand is dat mense terugval op 'n lewenstyl wat volgens hulle "Bybels" is. In werklikheid is dit nie eens Ou Testamenties nie: Dit is niks anders nie as 'n teruggryp na Joodse wettisisme.**

## 'n Dwaling wat kriewel onder Afrikaners

Dink daaraan dat iemand die ideale van Nazi-Duitsland in die vroeë 1940's vat, dit met 'n handvol Hebreeuse woorde besprinkel en dan aan Afrikaners opdis onder 'n sousie van Ou Testamentiese tempelwette. Dit is nagenoeg wat Israelvisie is.

Een van die dinge wat hierdie beweging sterk aanmoedig, is om die Ou Testamentiese feeste vandag nog te vier. Israelvisie-aanhangers sal die pasga, die versoendag en die huttefees steeds gedenk. Die sabbat (wat op 'n Saterdag gedenk word), is ook 'n belangrike deel van hul godsdiens. Hulle probeer ook om die seremoniële wette van die Ou Testament geldig toe te pas. Volgelinge van die Israelvisie-beweging sal gewoonlik nie varkvleis eet nie, want hulle reken dat die onrein diere van Levítikus 11 vandag nog onrein is. Dit is vir hulle baie belangrik om al die Ou Testamentiese wette te hou, maar dit is ongelukkig nie duidelik hoeveel van hulle besny is nie!

Die leiers van hierdie beweging maak baie sterk aanspraak daarop dat hulle "net die Bybel" glo. Ongelukkig is dit nie waar nie: Wat hulle met "die Bybel" bedoel, is beperk tot sommige dele van die Ou Testament. Hierdie dele pluk hulle uit die vrugbare grond van 'n goeie Bybelse teologie en paradeer dit in isolasie voor die oë van kerkgangers met opregte worstelinge en vrae. Die tragiese gevolg is dat hulle baie mense – veral uit meer konserwatiewe kringe – mislei om by hul dwaling aan te sluit. Hierdie dwaling het in werklikheid geen bene om op te staan nie. 'n Goeie verstaan van die Bybelse verhaal kan hierdie dwaling maklik weerlê.

## Israeliet, Jood of Christen?

Dit is nie die eerste keer in die geskiedenis dat die kerk met hierdie idees te doen kry nie. Kort ná die hemelvaart van Christus, toe die kerk nog besig was om haar eerste treetjies te gee, het 'n weergawe van hierdie dwaling reeds opgeduik.

Die Nuwe Testamentiese kerk het begin as net 'n Joodse kerk. Die Here Jesus was 'n Jood (vgl. Mt. 1:1-17) en so ook die twaalf apostels. Die eerste bekeerdes was ook almal Jode (vgl. Hand. 2:5, 41). Selfs die apostel Paulus het die Ou Testamentiese tempelwette gedenk (vgl. Hand. 24:17-18).

Uit die staanspoor het die apostels egter begin om die evangelie ook aan nie-Jode te verkondig (vgl. Hand. 10; Mt. 28:19). Dit het 'n belangrike vraag na vore gebring:

Moet jy 'n Jood word as jy 'n Christen wil wees?

Daar was mense wat só geredeneer het: Die bekeerde heidene moes ook die Ou Testamentiese seremoniële wette hou – spesifiek, dat hulle besny moet word (vgl. Hand. 15:1, 5). Paulus en Bárnabas het hierdie idees sterk teengestaan (vgl. Hand. 15:2). Hoewel Paulus vir Timótheüs laat besny het om die vrede met die Jode te bewaar (vgl. Hand. 16:3), het hy hom sterk uitgespreek teen die idee dat jy hierdie gebruike moet hou om gered te word (vgl. Gal. 5:1-6). Selfs toe Petrus spesiale behandeling aan die Joodse gelowiges wou gee, het Paulus hom, met woorde wat nie te sag was nie, ernstig daaroor vermaan (vgl. Gal. 2:11-14).

Hierdie hele kwessie kom dan ter tafel by die eerste sinode van die Christelike kerk wat in Jerusalem plaasvind. Handelinge 15 vertel ons van hierdie vergadering. Petrus, Paulus, Bárnabas en Jakobus kry spreekbeurte en verduidelik hoe dwaas dit sou wees om van heidene te verwag om Jode te word voor hulle Christene kan wees (vgl. Hand. 15:7-21). Dit is besonders om Jakobus se insig in die Ou Testament te lees, waar hy wys dat die Ou Testament reeds ryp was met die verwagting dat die nie-Joodse nasies tot bekering sal kom (vgl. Hand. 15:13-21). Die besluit van hierdie sinode was gevolglik dat die gelowiges uit heidennasies nie nodig het om Ou Testamentiese seremoniële wette te hou nie (vgl. Hand. 15:22-29).

Amper 2 000 jaar gelede het die kerk, onder leiding van die apostels, besin oor dieselfde dwaling waarmee die Israelvisie vandag nog besig is. Hierdie saak is al lankal afgehandel. Petrus se vraag kan direk gerig word aan dié dwalende Afrikaners:

> ***Nou dan, waarom versoek julle God deur op die nek van die dissipels 'n juk te lê wat ons vaders en ook ons nie in staat was om te dra nie? (Hand. 15:10).***

## Om die dag waar te neem, of nie

In Romeine 14 stoei Paulus met nog 'n onderwerp waarby ons iets kan leer vir ons vrae oor Ou Testamentiese feesdae. Daar was mense in die kerk van Rome wat gesê het dat Christene eerder nie vleis moet eet nie, want hulle kan nie seker wees dat die vleis wat op die markplein verkoop word, nie dalk heidense offervleis is nie (vgl. Rom. 14:2; 1 Kor. 8). In Rome was daar ook steeds mense wat gesê het dat gelowiges die feeste van die Ou Testament moet hou (vgl. Rom. 14:5-6). Paulus se antwoord kom neer op die beginsel van gewetensvryheid: Op plekke waar God se Woord ons nie bind nie, is ons vry om ons gewetens te volg (vgl. Rom. 14:1-6, 12, 23).

Hieruit kan ons aflei dat dit op sigself nie verkeerd is as mense rondom September of Oktober in hutte wil woon nie. Dit is ook op sigself nie sonde as mense rondom Maart of April 'n lammetjie slag en pasga vier nie. Maar wanneer hulle hierdie feeste op ander mense afdwing, wanneer hulle probeer om gelowiges se gewetens te bind aan Ou Testamentiese wette wat reeds in Christus vervul is, gaan hulle te ver.

## Die liturgiese kalender van die kerk

Die feeste van die Ou Testament het wel waarde gehad vir die volk van Israel. Een van die waardevolle aspekte wat ons dalk onderskat, is dat die Ou Testamentiese feeste gedien het om tyd te heilig. Die feeste het die jaar liturgies verdeel volgens God se manjifieke verlossingsdade in Israel se geskiedenis. Deur feeste word tyd heilig, word dit 'n middel van aanbidding.

In die Nuwe Testamentiese era moet tyd ook geheilig word. In die eerste plek moet dit gebeur deur die fees wat ons elke week vier: die Rusdag. Elke Sondag sonder ons af om saam met God fees te vier oor die opstanding van ons Verlosser. Hierdie weeklikse feesviering help ons om ons tyd aan God alleen toe te wy. My week, my maand, my jaar is nie neutraal nie: Dit word week vir week aan God toegewy.

Maar daar is meer: Oor Desember is daar fees, want God het mens geword. In April is daar 'n bittersoet fees, want ons mensgeworde God het gesterf en opgestaan. Op 'n Donderdag, amper 40 dae later, juig ons want Hy het ook opgevaar na die hemel. Dan kom Pinkster: Ons vier fees, want God die Heilige Gees is uitgestort en lei ons as verteenwoordigers van Christus!

Jaar ná jaar herhaal hierdie patroon. Jaar ná jaar gedenk ons deur feeste God se wonderlike dade in Jesus Christus. Só word tyd in die Nuwe Testamentiese era heilig. Só aanbid ons God deur ons feeste.

1. Lidmaat van die AP Kerk Cullinan-Rayton.



# Ware reinheid kom uit die hart en nie uit die kospot nie

**Ds. Dianlo Stoltz**[1]

**Baie mense het vrae oor die voedselwette wat God vir Israel gegee het. Hierdie wette het duidelik vir die volk van Israel uiteengesit wat rein en onrein kosse is. Anders gestel: Wat hulle mag eet, en wat nie. Die vraag is: Moet ons ook hierdie voedselwette onderhou?**

## Die boodskap van Levítikus

Die grootste bespreking van Israel se voedselwette is in Levítikus 11. Geleerdes het al met minstens 14 moontlike teorieë vorendag gekom om te verklaar waarom sommige kosse as rein en ander as onrein beskou is.[2]

Wat baie mense egter vergeet wanneer dit by die voedselwette kom, is dat die hulle nie net eenkant op 'n stukkie papier geskryf is nie. Dit staan in 'n bepaalde hoofstuk van 'n spesifieke boek in die Bybel. Die konteks van Levítikus en die Bybel help ons om die doel van hierdie wette te verstaan.

In Levítikus kom die woord "heilig" meer kere voor as in enige ander boek in die Bybel.[3] Die boek maak dit duidelik hoe jy in die teenwoordigheid van 'n heilige God moet leef. Ons kan Levítikus dus opsom met die woorde wat menigmaal daarin voorkom: *Wees heilig, want Ek is heilig*. Dit is hierdie refrein wat ook in hoofstuk 11 voorkom. In aansluiting by die tema van die boek, vind ons die rede vir al die voedselwette in Levítikus 11:44-45:

> ***Want Ek is die Here julle God; toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig; daarom, verontreinig julle self nie deur enige ongedierte wat op die aarde kruip nie. Want Ek is die Here wat julle uit Egipteland laat optrek het om julle God te wees. So moet julle dan heilig wees, omdat Ek heilig is.***

Die konteks van die voedselwette weerspieël dus niks anders as wat Levítikus wil beklemtoon nie: Wees heilig! Die woord "heilig" beteken "om afgesonder te wees". God wat heilig is, beteken daarom dat Hy afgesonder is – uniek. Hy is nie vergelykbaar met sy skepping nie. Dit is wat Hy ook van sy volk vra.

Omdat God heilig (afgesonder) is, moet sy volk ook heilig (afgesonder) wees. Sy volk mag daarom nie soos die ander volke rondom hulle wees nie. Dit is waarom God baie duidelike voorskrifte gee wat hulle nie net innerlik van die ander volke skei nie, maar voorskrifte en handelinge wat hulle uiterlik (sigbaar) van ander volke skei.

## Skeiding tussen rein en onrein

Die voedselwette wat gegee word, plaas alle kossoorte in twee kategorieë: rein of onrein. Dit wat hulle mag eet, was rein, en dit wat hulle moes vermy, was onrein.

Die voedselwette in Levítikus is in der waarheid 'n opdrag aan Israel om met die kos te doen wat God met hulle gedoen het. God het hulle afgesonder en gereinig, geskei van al die heidenvolke, en nou moet hulle ook onderskeid tref tussen die rein en onrein kosse. Sodoende skei hulle hulself duidelik af van die ander volke se eetgewoontes en gebruike (vgl. Lev. 20:24-26). God het Israel vir Homself afgesonder en as volk gereinig en gevolglik is die heidennasies as onrein volke beskou. Wanneer Israel 'n onderskeid tussen die rein en onrein kosse getref het, moes hulle dink aan die rein en onrein onderskeid wat God ook gemaak het tussen hulle en ander volke.

Hul uitverkiesing as volk van God het hulle opgeroep om heilig te wees teenoor die nasies. Die voedselwette het dus 'n teken geword van Israel se identiteit en

roeping – ’n skeiding tussen Israel en al die nasies.

### Christus verklaar alles rein

Die probleem is nie vuil hande of die onrein kosse wat by die mond ingaan nie, maar die onrein dinge wat vanuit die hart by die mond uitkom (vgl. Mt. 15:11, 18). Die probleem is die sondige hart van die mens. Kos is nie die probleem nie, want kos gaan nie na jou hart toe nie, maar na jou maag en word daarna uitgewerp (vgl. Mk. 7:19). Dit is ook deur hierdie woorde dat die Here Jesus alle kos rein verklaar het.

### Die skeiding word afgebreek en gelowiges word rein

Saam met die Here Jesus wat alle kos rein verklaar, sien ons dat die uiterlike doel van die voedselwette, naamlik om skeiding tussen Israel en die heidene te bring, ook deur sy verlossingswerk vervul word. Jesus Christus, wat ons verlos en met God die Vader versoen, gee ook die gawe van die Heilige Gees, ’n gawe wat elkeen ontvang wat glo. Dit wat met gelowiges gebeur, is wat Eségiël geprofeteer het en waarop Israel gehoop het:

> ***Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle ’n nuwe hart gee en ’n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ’n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.* (Eség. 36:25-27)**

Die Heilige Gees reinig elke gelowige – nie van uiterlike onreinheid nie, maar van ’n onrein, bose en sondige hart. Hierdie reiniging is nie net vir die Jood nie, maar ook vir die heiden wat in Jesus Christus glo. Dit is wat Petrus moes besef in die visioen wat hy gesien het (vgl. Hand. 10:10-17). ’n Groot laken het uit die hemel neergedaal met al die onrein diere wat in Levítikus 11 beskryf is. Die HERE beveel hom om te slag en te eet, *want wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie* (Hand.10:15).[4]

Die voedselwette wat ingestel was om Israel vir God van die ander volke af te sonder, was nou verwyder, want Christus is die Een wat almal in Homself verenig. Dit is verwyder omdat Jesus Christus nie net gekom het om Jode te verlos nie, maar almal wat in Hom glo uit elke stam, taal, volk en nasie (vgl. Openb. 5:9). Die heidene wat vroeër ver was, het nou naby gekom in Christus Jesus! Dit is Hý wat die middelmuur van skeiding afgebreek het (vgl. Efés. 2:13-14).

### Wees heilig, want God is heilig!

Moet ons vandag hierdie voedselwette onderhou? Nee. Dit is duidelik deur ons Here Jesus se woorde, die visioen van Petrus, en talle ander voorbeelde in die Nuwe Testament dat alle kos rein verklaar is. Ons word egter nie gevrywaar van die beginsel wat die voedselwette daargestel het nie. Dit is dieselfde beginsel wat Petrus later in een van sy briewe bevestig: Ons moet heilig wees, omdat God heilig is (vgl. 1 Petr. 1:15-16).

Ons moet heilig en rein leef deur die bose dinge te vermy wat die Here Jesus in Matthéüs 15:19 beskryf: slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis en lastertaal. Sodoende jaag ons na wat ons Here Jesus in die bergrede sê: *Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is* (Mt. 5:48). In Christus is God ons Vader en sy Gees bemagtig ons om volgens God se wil te leef. Ons is gereinig en nuut gemaak. Nou word ons daagliks nog meer heilig gemaak sodat ons al hoe meer soos ons Here Jesus Christus word.

1. Medeleraar van die AP Kerk Kimberley-Die Kruis.
2. Greidanus, *Preaching Christ from Leviticus: Foundations for Expository Sermons*, (Grand Rapids: Eerdmans, 2021),133.
3. Greidanus, 133-134.
4. ’n Verdere bevestiging dat alle kos rein verklaar is.


## Wil jy finansieel bydra tot Lig in Duisternis Uitgewers?

Ons kry baie navrae van mense wat graag ’n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers se groei wil maak. Indien dit op jou hart lê, kan jy ’n betaling in die volgende bankrekening maak:

**Bankbesonderhede:** Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632 005

*Verwysingsnommer: LIDU + selfoonnommer*

**www.liginduisternis.co.za**



# Nie wetties nie, maar wel gehoorsaam

**Ds. Francois de Bruin**[1]

Stel jou voor hoe 'n samelewing sal lyk waar geen wet geld nie. Elkeen kan doen wat goed en reg is in sy eie oë. Dit sal baie moeilik wees om enige vorm van sinvolheid te verkry. Landswette het 'n belangrike plek in die samelewing. In die bestaan van Israel het God se wet hul lewe gereël en was dit die sin vir hul bestaan. Dit bring mee dat die afstand tussen geloof en lewe in die tyd waarin ons leef, as twee verskillende wêrelde gesien word. Sommige koppel iemand se gehoorsaamheid aan die wet van God aan wettisisme, terwyl die liberale samelewing geen geloofswet kan of wil insien nie. Is daar ruimte vir wetsgehoorsaamheid in Christus binne óns leefwêreld?

## Wat is wettisisme?

Die woord "wetties" kan soos volg gedefinieer word: Om jou vertroue te plaas op die werke van die wet en so te fokus op die letter van die wet dat die fokus minder op die wetgewer, en eerder op die dader van die wet val. Die gevolg van wettisisme is dat die gelowige meer ag gee op sy dade en selfs hoe ander hom in die lig van sy dade beskou, as om in sy verhouding tot God wetsgehoorsaam te leef. Wettisisme kom neer op afgodery, aangesien dit nie daaroor gaan om God te verheerlik nie, maar om self verheerlik te word.

## Waarom dan die wet vir Israel gee?

Die wet wat die Here by Sinai aan Moses en die volk gegee het, was nie die vereiste vir verlossing uit Egipte nie, maar die versterking van die verbond wat die Here met Abraham gesluit het. Die fokus van God se woorde in Exodus 20:2 is op die feit dat Hy die God is wat Hom aan Israel verbind het. Hy is die God van die verbond. Hierdie verbintenis is die godsdiens van Israel, aangesien hulle die verlossing uit Egipte aanskou het. Hierdie verlossing gee aan hul verhouding met God 'n karakter wat hulle aanbidding van Hom moet reël. In reaksie op hierdie verlossing, word die wet deel van hul gedrag, wat in teenstelling met ander godsdienste behoort te wees. Dit is Israel se oproep tot evangelisasie.

Die apostel Paulus skryf aan die gemeentes in Galásië oor die saak van Judaïsme en die ywer om die werke van die wet te doen. In Galásiërs 3 word genoem dat die wet wat 430 jaar ná Abraham gekom het, nie die verbond van God kragteloos gemaak het nie. Die wet het juis gekom weens die sonde en het die kerk in die Ou Testament voorberei op die verlossingswerk van Christus. Dit sou sigbaar word in die seremoniële wet (vgl. Lev. 1-7), waar die bloed tydelike versoening tussen God en mens gebring het. In Christus se kruisdood sou hierdie offers waarlik vervul word en die bloed van die Lam sou die finale versoeningsdaad wees.

## Waarom dan die geneigdheid tot wettisisme?

Israel is dus van die begin af geleer dat die onderhouding van die wet hul verhouding tot God behoort te beklemtoon. Wat sou dan die rede wees dat die mens tot wettisisme geneig is? Die Heidelbergse Kategismus leer in Sondag 2 dat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat (vgl. v/a 5). Hierdie haat neem dikwels die vorm aan van die aanbidding van ander gode in die plek van die ware God. Die mens is geneig om God sigbaar te probeer maak (vgl. Ex. 32) en sal selfs voel dat aanbidding meer eg is in die vorm waarin hulle dit giet.

Israel was dankbaar vir haar verlossing uit Egipte en gee die eer aan 'n goue kalf, asof dit waarlik God is. Gídeon se pa dien Baäl, maar ná die vernietiging van die heiligdom, gee hy toe dat Baäl toe nie so magtig is nie. Baäl was egter vereer en Israel het geglo dat hy iets besonders was.

In die Nuwe Testament hoor ons die Here Jesus in Matthéüs 6 oor die geveinsdes en hul

hantering van aanbidding praat. Liefdadigheid moet bewys word as 'n liefdesbetoning aan jou naaste, en nie tot verryking van jou eie eer nie (vgl. Mt. 6:1-4). Jou gebed is 'n uitlewing van jou verhouding met God en openbare gebed moenie die mens se eer bo God s'n stel nie (vgl. Mt. 6:5-8). Die wyse waarop mense voor ander bid, kan lei tot 'n verering van die een wat bid, eerder as die God tot wie gebid moet word.

Selfs die apostel Paulus stel in Filippense 3:4-5 dat hy 'n Fariseër is en as dit by die wet kom, was hy onberispelik. Sy woorde in vers 7 gee egter perspektief. Wat hy as wins beskou het, het skade aan sy verhouding met Christus gedoen. Sy ywer in wettisisme het meer op die wet as op die Wetgewer gefokus. Die werke van die wet het dus nie 'n doel op sy eie nie, maar wetsgehoorsaamheid moet lei tot groei nader aan Christus.

## Waar pas wetsgehoorsaamheid dan in?

Wetsgehoorsaamheid as reaksie op God se genade van verlossing, eerder as wettisisme as weg tot verlossing, word sterk in die Skrif as 'n leefstyl van die gelowige in Christus Jesus beklemtoon. Die apostel Paulus verduidelik die rol van werke en toon aan dat dit wat ek doen, getuig oor die Een in wie ek glo. Die werke van die vlees teenoor die vrug van die Gees in Galásiërs 5, toon duidelike gedragsverskille aan. Elke gelowige in Christus getuig deur sy woorde en dade van verlossing.


Jakobus skryf oor dieselfde saak en stel dit selfs sterker in Jakobus 2:18: *Toon my uit jou geloof jou werke* ... Paulus bevestig verder dat die werke, as vrug van die Heilige Gees, nie teen die wet is nie (vgl. Gal. 5:23). Wetsgehoorsaamheid staan dan teenoor wettisisme as elke gelowige se reaksie op die verlossing van Christus. Ek is lief vir die Here en dankbaar vir die verlossing in Christus en skakel daarom by sy kerk in. In hierdie werksaamhede van die kerk word my verhouding tot Christus versterk deur die toerusting in die Skrif, persoonlike stiltetyd, huisgodsdiens in my huisgesin en betrokkenheid by lidmate in die gemeente en in die gemeenskap. Deur my dankbaarheidslewe word ek dus 'n instrument in God se hand. Ek kan niks meer verdien as wat ek het nie. Ek doen wat Efésiërs 2:10 leer:

***Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.***

Die Christendom het waarde in Christus en in sy wil. Kerkwees in die tyd waarin ons leef, het groot waarde wanneer ons besef dat ons woorde en dade onlosmaaklik deel van ons getuienis van die evangelie van Christus Jesus is. Ons doen nie maar net dinge uit gewoonte of omdat almal dit doen nie. Ons lewer 'n geloofsgetuienis van ons gehoorsaamheid aan God en sy wil. Ons kan dit egter nie volmaak uitleef nie, maar wandel as sondaars en dissipels in die spore van die ware Regverdige – die Seun van God, Jesus Christus. Ons doen nie die werke vir eie eer nie, maar ons eer God in Christus Jesus deur die Heilige Gees met elke daad van gehoorsaamheid wat ons uit die geloof verrig.

1. Leraar van die AP Kerk Betlehem.

**LIG IN DUISTERNIS-TROFEE VIR BYBELONDERRIG EN BYBELKENNIS**


Idalise Marx

ORANIA


Reuel de Bruyn


PRETORIA
Marieta Möller en Christiaan vd Walt


Aneri le Roux

LICHTENBURG


Izabel vd Westhuizen



# Alle wette onder een wet

**Hannes Noëth**[1]

**Elke land, gemeenskap, volk, regering, skool, kerk en samelewingsinstelling is gebonde aan regulasies, reëls, beleide en wette. Dit is eintlik vanselfsprekend. Om te orden, behoort logies te wees hoe meer georganiseerd en ontwikkeld 'n instelling en/of omgewing is.**

Aan die ander kant is dit ook waar dat hoe minder mense hulle aan die grense van 'n bepaalde orde steur, hoe meer word die wette, regulasies, beleide en reëls. Hoe meer die wette, hoe makliker word dit verbreek. Hoe meer mense deur wette en regulasies bestuur word, hoe minder is die orde dikwels. Waarom? Die HERE antwoord dit reeds in Jesaja 28:13:

> *Daarom sal die woord van die HERE vir hulle wees gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie, sodat hulle kan heengaan en agteruit struikel en verbreek en verstrik en gevang word.*

Baie wette lei soms tot die struikeling van baie mense.

### Een wet is noodsaaklik

Wet en orde is natuurlik belangrik. Die Skrif leer ons egter dat God se wet bo alle wette is. Wanneer jy dit begryp, dan is dit belangrik dat jy ágter die wette van die samelewing, die gebod van God hoor wat bo alles uittroon:




Christus som die Tien Gebooie op as liefde vir God en liefde vir mekaar. Hierdie twee tafels van die wet dien as onderbou vir die hele samelewing. Uiteraard moet die mens baie wette maak vir die wêreld waarin ons leef, maar bo dit en belangriker as al hierdie wette, is die onderbou daarvan – die groot gebod van God. Daarsonder sal álle wette 'n bietjie van dit en 'n bietjie van dat wees, en die eintlike motivering sal wegraak in 'n stukkende en gebroke wêreld.

Wette is nie net nodig om te orden nie, wette is ook daar om te beskerm, toe te vou en veilig te laat voel. Daarom moet 'n regering se wette byvoorbeeld daarop gerig wees om die kwaaddoener te straf en die deugsame te beskerm. Die oomblik as 'n samelewing saamstem dat alle dinge uit God, deur God en tot God is (vgl. Rom. 11), dien wetgewing, 'n ordelike samelewing en die beskerming van mekaar die beginsel van *Soli Deo Gloria*. Dan word wette begrond in die verlossingswerk van God.

Die sedewet van God (vgl. Ex. 20) soos saamgevat in die groot gebod (vgl. Mt. 22), begrond die ganse bestaan van die mens in 'n ordelike samelewing. So 'n samelewing het 'n onbetwisbare onderbou en vertrekpunt:

- Liefde vir God met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand.
- Liefde vir ander, soos vir jouself.
- Liefde vir God – met jou alles ...

'n Land kan talle wette hê en die regering kan met 'n ysterhand regeer – sonder die liefde tot God en vir God, is dit tevergeefs. God kwalifiseer hierdie gebod wat die ganse skepping omvat. Burgers van die koninkryk wat

deur Christus gered is, leer onder die leiding van die Heilige Gees om met hul hele hart, siel en verstand God voorop te stel. So 'n benadering het natuurlik bepaalde implikasies en maak teoreties baie wette wat ingestel sou moes word, onnodig: God bepaal my woorde, my werk, my dade, my gedagtes, my lewe en my lewenswyse. Hy is my hart, my siel en my verstand, daarom wil ek in gehoorsaamheid voor Hom sy wet uitleef. Dit weeg swaarder as enige wet, ligter as enige las en dit orden meer as enige grondwet. Byvoorbeeld: Die wet leer ek mag niemand doodmaak nie. My liefde vir God dring my om die lewe van my naaste as geweldig kosbaar te ag.

Iemand met hierdie onderbou wil nóg God, nóg sy naaste te na kom. Aktueel bedink, kan 'n mens sê dat gelowiges wat in God se wet begrond is, weet om die lewe, die eiendom, die naam en sommer alles van die naaste te beskerm, en daardeur word God se Naam, sy almag, sy dag en sy grootheid spontaan beskerm en geëer.

Is wette nodig? Ja, natuurlik, dit rig en orden ons. Bo alles en onder alles, staan die liefde vir God egter voorop. Juis omdat ek Hom liefhet, stel ek Hom bo alles. Daarom mag geen landswet my verhinder om my liefde vir God, wat voorop is, uit te leef nie.

### Liefde vir ander, soos vir jouself

God eis in sy groot gebod liefde vir myself en liefde vir my naaste. Dit is interessant hoe baie wette daar in hierdie wêreld is om mense teen hulleself en teen mekaar te beskerm. Dit kan nie anders nie! Tog, as die gebod van God vir die mens die groot gebod was, sou hy nie 'n ander of homself wou of kon skade aandoen nie.


En tog moet wette ingestel word om die mens teen homself en ander mense te beskerm. Dink maar aan die gebrokenheid in die hantering van bejaardes, wat 'n wet vir die versorging van bejaardes noodsaak. Dink aan geslagsgeweld teen vroue en kinders, wat 'n wet teen geslagsgeweld noodsaak. Dink aan al die verwaarlosing en mishandeling van kinders op soveel vlakke van hul menswees, wat 'n wet vir kindersorg noodsaak. In kort: Die gebrokenheid van hierdie wêreld bring wette en nogmaals wette om logika te rig. Hierdie wette is eintlik reeds in die groot gebod van God opgeneem: Wees lief vir Hom bo alles, en vir jou naaste soos jouself.

### Ten slotte

Ons leef in 'n gebroke wêreld met 'n vreemde werklikheid wat ver van die Woord van God en ver van die wil van God en ver van die gebod van God verwyderd is. Daar word baie, maar op verkeerde plekke na oplossings vir die vrae van die hedendaagse wêreld gesoek. Die antwoorde is nie ver en wyd en moeilik nie en dit lê nie in 'n magdom wette nie. Dit lê in gehoorsaamheid aan die groot gebod van God wat ons moet ken en leef en gehoorsaam. Dit omvat al die wette van hierdie wêreld en daarbinne is ons vry en veilig. Juis omdat ons gered is, moet ons leef voor die aangesig van God en ander so leer: Eers God se wet, dan ons wette. En hoe meer van sy wet, hoe minder gaan ons ander wette nodig hê. ☺

1. Uitvoerende Hoof Solidariteit Helpende Hand.

Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS




PRYS: R100




PRYS: R240




PRYS: R200

www.liginduisternis.co.za



# Die erediens vandag

**Prof. Johan Bosman**[1]

Wat het 1524, 1963 en die Nyldelta met mekaar en met ons te doen? Oënskynlik niks nie. Totdat 'n mens daaroor nadink.

## 1524

Hoewel die optrede van dr. Martin Luther op 31 Oktober 1517 die Kerkreformasie van die 16de eeu laat ontvlam het, was hy baie stadig en versigtig om aan die erediens te karring.




Trouens, die (Roomse) kerkgesag het tydens die Konsilie van Trente (1545-63) permanensie aan die laat middeleeuse erediens verleen. Die grondtrekke kan soos volg opgesom word: voorbereiding, gebedsdiens, Woorddiens, offermis.

Dinsdag 16 Februarie 1524 word egter onthou as die dag toe daar groot veranderinge vir die erediens ingelei is. Theobald Schwarz, 'n Protestant, het in die Johannes die Doperkapel van die St. Laurence katedraal (Straatsburg, Frankryk) met wysiginge begin, wat as *reiniging* (reformasie/hervorming) van die erediens beskou is. Van toe af was die eredienstaal vir Protestante nie meer Latyn nie, maar die verstaanbare taal van die omgewing (destyds 'n Duitse dialek). Die offerkarakter van die nagmaal is weggelaat, asook verwysings na die heiliges en die verering van Maria. Wie vandag oor die erediens wil besluit, het nodig om die wortels van die gereformeerde erediens, soos dit in die AP Kerk beoefen word, tot by hierdie gebeurtenis terug te speur.

## 1963

Vir ongeveer 400 jaar ná 1563 het die erediens in die Roomse kerk basies onveranderd gebly. Voordat 'n mens daaroor jou wenkbroue lig, is dit nodig om na die Oosters-Ortodokse Kerk te kyk. In daardie geledere word selfs van die "Goddelike liturgie" gepraat. Daarmee word bedoel dat die erediens van Godsweë bestaan en nie volgens die grille en giere van mense ingerig word nie. Die Johannes Chrysostomus-liturgie word ook hier in Suid-Afrika in Afrikaans nagevolg. Vanaf ongeveer die 7de eeu bestaan hierdie manier van erediens basies onveranderd.



Die besluite van 4 Desember 1963 by die Tweede Vatikaanse Konsilie, het verandering vir die erediens in die Roomse kerk beteken. In Suid-Afrika, byvoorbeeld, mag die Roomse erediens nou ook in Afrikaans plaasvind. Sedertdien wek die veranderinge aan die Roomse erediens wel teenstand. Vele beskou dit as 'n protestantisering van die erediens. Daarmee word dan bedoel dat willekeur besig is om die erediens te vermink. Seker een van die grootste vrae oor die erediens in ons dag, lui soos volg:

**Waarmee is ons besig? Is daar eerlik sprake van *re*formasie as dit oor die erediens gaan, of eerder rewolusie?**

## Nyldelta

By al die goed van Protestantisme, moet ons ook 'n uitermate sleg erken. Sedert 1517 het die sigbare kerk van die Here Jesus Christus wêreldwyd verskeur en versplinter tot meer as 47 000 verskillende "kerke". Na verwagting sal die versplintering teen 2050 die aantal van 64 000 verbysteek. Dit is veel erger as die Nylrivier, wat in die omgewing van Kaïro in die Nyldelta vertak. Liturgie en liturgiese besinning word by die dag moeiliker, aangesien die gedagtes oor die erediens ver uiteenloop. Binne die Protestantisme is daar sprake van 'n hele erediensspektrum.

Eerlike gesprek erken dat die sogenaamde kontemporêre/

eietydse inrigting van die erediens, met die genre van lofprysing en aanbidding, onder invloed van die Pentekostalisties-charismatiese beweging op die kerklike toneel verskyn het.

### En ons in die AP Kerk?

Gereformeerdes benader die erediens op grond van die Skrif uit 'n verbondsperspektief. Die grondstruktuur van die erediens bly daarom vir ons steeds ononderhandelbaar ingerig as 'n tweegesprek, saamgeroep op inisiatief van God Drie-enig. Veral Hebreërs 12:18-29 laat ons besef dat die erediens van die Nuwe Testament nie anders verstaan wil word nie, as doelbewus teen die agtergrond van Exodus 19 en 20.

**Hebreërs 9:9 laat ons boonop besef dat die erediens van die Ou Testament *'n beeld was met die oog op die teenwoordige tyd.***



Levítikus 9 (vgl. 2 Kron. 29:20-36) openbaar 'n basiese patroon vir die erediens, met 'n volgorde van verootmoediging, toewyding en gemeenskap.

### Orde van diens

***Konstitueer***
- Beginwoorde uit die Bybel
- Seëngroet
- Lofsang

***Verootmoediging***
- Wet en skuldbelydenis
- Genadeverkondiging en vermaning

***Toewyding***
- Geloofsbelydenis
- Aanbiddingslied
- Voorgebed
- Skriflesing
- Woordverkondiging
- Nagebed

***Gemeenskap***
- Doop, belydenisaflegging, nagmaal, ampsbevestiging, huweliksbevestiging
- Kollekte
- Sang

***Wegsturende seën***

'n Gereformeerde erediens neem "wat God beveel" ernstig op (vgl. HK v/a 96). Daarom beleef mense dit tereg as formeel, gereguleerd, gedissiplineerd, volgens 'n vaste struktuur, besadig, ernstig en eerbiedig. En tog, vreugdevol en feestelik!

1. Hoogleraar in Diakoniologie, AP Akademie.





Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

**Prys: R240**

In hierdie hersiene uitgawe van *Herderskap van 'n kinderhart*, put dr. Tedd Tripp nie net uit sy dertig jaar ervaring as predikant, berader, skoolhoof en pa nie, maar deel hy ook insigte verkry oor tien jaar van onderrig van hierdie materiaal in konferensies wêreldwyd, en bied sodoende waardevolle hulp aan ouers.

*Herderskap van 'n kinderhart* wil jou leer hoe om jou kind se hart aan te spreek. Die dinge wat jou kind doen en sê, vloei vanuit sy hart. Lukas 6:45 stel dit so: *... want uit die oorvloed van die hart spreek sy mond* (1933/53-vertaling). Hierdie insiggewende boek, geskryf vir ouers met kinders van enige ouderdom, bied perspektiewe en maniere om jou kind se hart op sy lewenspad te begelei.

**www.liginduisternis.co.za • 012 362 1390**

Lig in Duisternis UITGEWERS

# Die evangelie in Indië

Elke mens kan nie oral 'n verskil maak nie, maar elke mens en gemeente moet iewers 'n verskil maak!

## Varanasi[1]

In 2014 besoek ek Indië vir die eerste keer toe ons vir 'n sendelingvriend en sy vrou in Varanasi gaan kuier. Mense vra soms watter doel of nut so 'n kort besoek aan die kerk in verdrukking, of 'n sendeling, kan hê? Kan iemand werklik in tien dae iets doen?

Die waarde van so 'n besoek kan egter nie "gemeet" word nie. Dit is amper soos 'n leraar wat vir 40 minute lank huisbesoek doen. Party sal sê dat dit net 'n lekker kuier is en dat jy nie werklik probleme in daardie paar minute oplos nie. Tog gebeur daar baie meer tydens huisbesoek as wat in woorde beskryf kan word. Die lidmate beleef dat hulle vir die leraar en die kerk belangrik is. Hulle beleef dat die gemeente vir hulle omgee en dat hulle nie vergeet word nie. As predikant leer jy mense ook eers beter ken wanneer jy in hul huis was.



*Ds. Stoltz besig om te preek met ds. Akshay Kumar as tolk*



*Ds. Stoltz saam met gemeente-leiers op die bouperseel*

Met elke besoek aan Varanasi oor die afgelope 11 jaar, het my verhouding met 'n klein gemeente verdiep. Ek het bewus geword van hul opregtheid en liefde vir die Here. Lidmate het getuig van versterking in die geloof, omdat hulle ervaar het dat hulle nie vergeet word nie. In die noorde van Indië is daar baie min kerke en word vervolging jaarliks erger.

In Januarie 2025 het ek en my vrou, Suzette, weer die gemeente in Varanasi besoek. Ons gemeente, die AP Kerk Kimberley-Die Kruis, is met die hulp van die AP Kerk Orania en 'n aantal individue besig om die gemeente in Varanasi te help om 'n kerk te bou. Hulle is in 'n benarde posisie: Die gebou waar eredienste gehou word, is in die mark en hulle het géén heenkome nie. Om dit te begryp, moet ek iets van Hindoeïsme verduidelik.

Hindoes glo dat daar 330 miljoen gode is. As jy van hulle vra om in die Here Jesus óók te glo, sou baie van hulle instem. Maar wanneer jy van hulle vra om al die ander gode te verloën en Christus as die énigste Verlosser te aanvaar, volg daar geweldige weerstand en selfs aggressie. Wanneer 'n Hindoe in 'n gemeenskap tot geloof in die Here Jesus kom, neem die gemeenskap hom kwalik vir alle negatiewe gebeure in daardie gemeenskap. As iemand siek word, sterf of 'n ongeluk gebeur, sê hulle dat dit die gode is wat hulle straf oor daardie nuwe Christenbekeerling. Die gevolg is dat Christene nie toegelaat word om openbare ruimtes te gebruik, in skole of selfs in huise in hul gemeenskappe bymekaar te kom nie.

Die gemeente het 'n paar jaar gelede 'n erf in 'n onontwikkelde gebied bekom, maar kon nog nie met bouwerk begin nie. Dit is vir ons wonderlik om deel van hierdie baie besonderse projek te wees. Mag elke gemeente in ons kerkverband gehoorsaam wees aan die roeping van die Here Jesus om sy lig ook buite jou gemeente te laat skyn.



**Ds. Danilo Stoltz**

## Pune[2]

Oor die afgelope 15 jaar was ons bevoorreg om verskeie besoekers uit Suid-Afrika te ontvang, wie se teenwoordigheid ons lewens geweldig verryk het. Onder hierdie besoeke tel twee as besonder betekenisvol en histories. Die eerste was in 2020, toe di. Schalk Strauss en Johan Schütte ons in Gujarat besoek het en tot groot seën vir ons familie en die plaaslike gemeenskap was. In Januarie 2025 het hulle teruggekeer en ons hierdie keer in Pune, ons nuwe bedieningsgebied, kom besoek.

### Seminare en aanbiedings

Met hul aankoms op 17 Januarie by die Mumbai Internasionale Lughawe, het ons geëerde gaste se bydraes reeds die volgende oggend afgeskop. Op Saterdag 18 Januarie het hulle ’n seminaar by Union Biblical Seminary aangebied, waar hulle drie insiggewende lesings gelewer het. Die eerste sessie het gefokus op die oorsprong en struktuur van die Heidelbergse Kategismus, terwyl die tweede sessie op Sondag 1 gefokus het. Hierna het ’n derde sessie oor die Tien Gebooie gevolg. Die kursusgangers het hierdie aanbiedings besonder verrykend ervaar, aangesien baie van hulle nog nooit voorheen so ’n omvattende verduideliking van die Heidelbergse Kategismus gekry het nie. Die uitgebreide interaktiewe vraag-en-antwoord-sessie wat daarop gevolg het, het hul begrip verder verdiep.

As gevolg van sekuriteitskwessies kon ons besoekers nie tydens die Sondagoggenddiens in die plaaslike Baptistegemeente preek nie. Nietemin het hulle ’n beduidende impak gemaak deur hul bedieningservarings in besprekingsessie met lidmate te deel. Hierdie dag was vir ons besonder spesiaal, aangesien dit ook die amptelike bekendstelling van Lig in Duisternis Uitgewers se publikasie van die Drie Formuliere van Eenheid in Hindi was – ’n historiese mylpaal vir ons gemeenskap.

### Leerstellige besprekings oor kerkleierskap


Benewens hierdie aktiwiteite, is twee belangrike sessies op Maandag- en Dinsdagaand gehou, wat gefokus het op die leer oor die kerk en sy ampte, spesifiek oor ouderling- en diakenskap. Die plaaslike gemeente, hoewel reeds tien jaar oud, het nog nie ouderlinge of diakens bevestig nie. Hierdie besprekings het betekenisvolle gesprekke aangewakker en die lidmate gehelp om die Bybelse noodsaaklikheid van hierdie ampte in kerkbestuur te verstaan.


Kursusgangers by die Union Biblical Seminary


Ds. Schalk Strauss, Mamta en ds. Rajesh Kumar en ds. Johan Schütte


Ds. Rajesh en Mamta, vertalers van die Drie Formuliere van Eenheid in Hindi

### Die Drie Formuliere van Eenheid in Hindi




Een van die merkwaardigste uitkomste van hierdie besoek, was die druk en verspreiding van die Drie Formuliere van Eenheid in Hindi. Hierdie teologiese hulpbron is nou vir jong en volwasse gelowiges in hul moedertaal beskikbaar, en bied ’n akkurate en getroue vertaling daarvan. Die aanvraag na gesonde Bybelse onderrigmateriaal in Indië groei steeds, veral onder Hindisprekende gemeenskappe. Die eerste eksemplare is aan studente by Union Biblical Seminary versprei en die boek het reeds verskeie Indiese state bereik. Daarbenewens is ’n aantal eksemplare aan die boekwinkel van Operation Mobilization in Pune beskikbaar gestel.

### Dankbaarheid en toekomsplanne

Ons spreek ons opregte dank uit aan al die kerke en individue wat hierdie projek ondersteun het, hetsy deur finansiële bydraes of vurige gebed. Jul vrygewigheid en getrouheid het hierdie onderneming moontlik gemaak. Terwyl ons vorentoe kyk, oorweeg ons biddend ’n nuwe vertaalprojek: *A Guidebook in Christian Religion* deur Herman Bavinck. Terwyl ons voortgaan met hierdie werk tot eer van God, vra ons u voortdurende gebede en ondersteuning vir die bediening in Indië.



**Ds. Rajesh Kumar**

1. Stad aan die oewer van die Gangesrivier, in die noorde van Indië.
2. Die agtste grootste stad in Indië, geleë in die weste van die land.

AP KERK MOOT-SENTRAAL

## Nuusgebeure

Die leraarspaar van die AP Kerk Moot-Sentraal, ds. Leon en sr. Hettie Lubbe, was op 27 Maart presies 21 jaar getroud. Twee seuns is uit die huwelik gebore, naamlik Leon jr. en Johan.

Op 18 November 2025 sal ds. Leon ook 21 jaar in die bediening wees. Hy het die volgende gemeentes bedien: Potchefstroom, Klerksdorp, Pretoria-Oos en vanaf 4 November 2016, bedien hy die AP Kerk Moot-Sentraal. Ds. Leon is dus "mondig in die bediening"! Ons dra die volgende seënbede aan die Lubbe-gesin op:

*Laat, HEER, u seën op hul daal,*
*u guns uit Sion hul bestraal!*
*U wat beveel, en – dit geskied,*
*wil, HEER, u seën oor hul gebied!* (Ps. 134:4)

Izak Loots



Die Lubbe-egpaar

AP KERK POSTMASBURG

## Doopgeleentheid

Sondag 19 Januarie was 'n spesiale dag vir die Barnard-gesin met die doop van klein Hugo Marius. Die gesin het pragtig gelyk in hul bypassende grys en wit kleredrag.

Namens die gemeente wens ons hulle geluk met hierdie spesiale geleentheid.

Saakgelastigde




V.l.n.r.: Ds. Paul Möller, Madelein, baba Hugo, Marinda en Claudius Barnard

**ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS**

**Vakansiewoonstel loopafstand vanaf die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6), volledig toegerus met DStv.**

**Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430**

**Kasteelsig Gastehuis**

**Pretoria**

**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**

±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal

**Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756**

AP KERK BRAKRIVIER

## Brakrivier herdenk Geloftedag

Die Gelofte wat 'n groep Voortrekkers in 1838 kort voor die Slag van Bloedrivier afgelê het, word vandag nog in ons gemeente herdenk. Baie van ons onthou moontlik nog hoe die destydse drie susterskerke elke jaar beurte gemaak het om Geloftedag te vier. Daar is opgetrek na die feesterrein die naaste aan jou blyplek en daar het die predikant 'n diens gehou en 'n spreker het die gebeure by Bloedrivier uitgelig. Ná die feesverrigtinge het die jongklomp gaan vleisbraai en in die rivier (of swembad) gaan swem. Die volwassenes het heerlik saam gekuier.

Soos gebruiklik, is hierdie Afrikanerfees op 16 Desember 2024 in die Brakrivier-gemeente gevier. Dit is aangebied as 'n erediens met gebed, sang, die aflê van die gelofte, en is afgesluit met die sing van "Die Stem". Vanjaar was ons in die besonder verras deur die groot opkoms van vakansiegangers. Daar was skaars sitplek vir almal. Mag dit 'n teken wees dat vandag se geslag weer terugreik na die dinge wat vir die ouer geslagte van ons volk, baie belangrik was.

## Die Kieries verken die mistige vallei

Eintlik het niemand van hierdie paradys buite Brandwacht geweet nie, tot twee lidmate dit op 'n staproete ontdek het. So skop ongeveer 30 Kieries op Woensdag 5 Februarie ons aktiwiteite af met 'n besoek aan hierdie mistige vallei. Gelukkig was die mis reeds uit die vallei geblaas en kon ons sommer met die intrapslag die lieflike vallei besigtig en op ons kameras saamneem huis toe.



Prof. Marè, en Fritz deel 'n grappie

Daar was nog ander interessanthede: Die distilleerketel het die broers gelok, terwyl die susters meer gehou het van die heuningkaravaantjie. Ook die snoepgoedwinkel en die pizza-oond het die vroueharte vinniger laat klop. Almal het om die grysaard uit die geskiedenisboeke, die blinkgroen Ford uit 1949, getalm ...

Toe word dit tyd om by die tafels aan te skuif. Terwyl ons wag dat ons ontbyt voorberei word, kuier ons te lekker. Ná ontbyt verneem ons dat die voorsitster van die Sustersaksie verjaar, en ons sing Psalm 134:4 en oorhandig 'n geskenkie. Ná drie uur se kuier was dit tyd om te groet, en amper tyd vir middagete by die huis.

Janine du Plessis

**ST LUCIA – Vakansiewoonstel te huur**

2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon, veilige parkering (afdak) binne in die kompleks, swembad en braaigeriewe, gratis wi-fi.

**SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's**

**SUIDKUS – MARGATE**

Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.

Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922

**Gemeentenuus – ons wil graag van u hoor!** Stuur asseblief u gemeentenuus in Microsoft Word-formaat (maks. 300 woorde, nie ouer as ses maande nie). Stuur oorspronklike, hoëresolusiefoto's saam met die Word-dokument na boodskapper@apk.co.za vir plasing.

## SUIDKUS VAKANSIEWOONSTEL – DOONSIDE

See-uitsig, skoon, goed toegerus met slim-TV en wi-fi. Veilige onderdakparkering agter elektroniese motorhek met 24 uur sekuriteit. Braaigeriewe, swembad, kafee, haarsalon en wassery onder in die gebou. Billike tariewe binne en buite skoolvakansies. **082 390 9465 / lettiefour@gmail.com**

## AP KERK: DASSE EN MOULOSE TRUIE

Wit kerkdasse @ **R120** • Moulose swart truie @ **R550**
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**Tel: 015 298 8028 • Faks: 086 530 5709**
**E-pos: pietersburg@apkerk.co.za**

Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00.
*Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling.*

## BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

## IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

## Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.


Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad • Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE:** MAART 2025, BL. XX



AP KERK DENDRON

## ’n Onvergeetlike ervaring van dankbaarheid

Die eerste naweek nadat die skole begin het, het ons jeuggroep ’n heerlike kamp by Die Eiland beleef, waar ons saamgekom het om die tema “Dankbaarheid” te vier. Dit was ’n propvol program van geestelike lesse, prettige aktiwiteite en betekenisvolle gesprekke. Ons het laer opgeslaan en die kinders het in tente gekamp.

### ’n Tema wat die hart raak

Van die eerste oomblik af was dit duidelik dat die tema “Dankbaarheid” diep in elkeen van ons se harte sou sny. Die kamp het afgeskop met ’n spesiale boodskap oor die belangrikheid daarvan om dankbaar te wees – nie net vir die groot seëninge in ons lewens nie, maar ook vir die klein dinge wat ons soms as vanselfsprekend aanvaar. Ons het gedeel hoe dankbaarheid ons denke en ons verhouding met God en ander mense verander, en hoe jou lig dan ook vir die wêreld sal skyn. Die kinders het elkeen neergeskryf waarvoor hulle dankbaar is en ons het ’n dankbaarheidsboom gemaak.

### Pretdae vol aksie

Geen kamp is volledig sonder ’n bietjie avontuur nie! Gedurende die dag het ons ’n verskeidenheid aktiwiteite geniet, van swem in die warmwaterbron tot speletjies langs die woonwa.

### Lofprysing

Ons het die Saterdagaand heerlik saamgesing.

### ’n Boodskap wat blywend is

Die kamp is afgesluit met ’n kerkdiens. Ná afloop van die naweek, was dit duidelik dat almal met ’n hernude gesindheid van dankbaarheid huis toe sou gaan. Die waarde van dankbaarheid lê nie net daarin om dit te voel nie, maar om dit uit te leef deur liefde, deernis en ’n positiewe gesindheid.

Hierdie kamp was ’n ervaring wat ons vir altyd sal onthou. Dit het ons daaraan herinner om in elke oomblik dankbaarheid te vind en om met ’n oop hart te leef. Mag ons almal voortgaan om dankbaarheid nie net as ’n tema vir ’n kamp nie, maar as ’n leefwyse te omhels!

Junior Jeug









AP KERK PRETORIA-OOS

## Senior-jaarafsluiting

Saterdag 7 Desember 2024 het die Seniors die jaar se aktiwiteite afgesluit met 'n spele-oggend. Dit was 'n geleentheid propvol pret en plesier. Ds. Attie Boshoff was in sy element en moes ongelukkig so nou en dan met 'n rooi of 'n geel kaart tevrede wees. Br. Eddie het ook nie daardie gevreesde kaarte van die skeidsregter vrygespring nie. Natuurlik was daar weer heerlike eetgoed.

Die verrassing van die dag was 'n besoek van die Erika Volkspelelaer. Ná 'n pragvertoning, het die Seniors saamgespeel.

## Senior-ken-mekaar

Elke jaar word afgeskop met 'n ken-mekaar-oggend en hierdie jaar was 4 Februarie die spesiale dag.

Ná al die geraai van wie nou eintlik wie is, was dit tyd vir die groot kuier. En as daar nou een ding is wat dié vriendekring baie goed kan doen, is dit kuier! Die oggend is afgesluit met 'n heerlike braai.

Alta Celliers



Senior-jaarafsluiting



Senior-jaarafsluiting



Senior-ken-mekaar

AP KERK WATERBERG

## Dooplidmate

Dit gaan baie goed met ons gemeente. Op 16 Februarie het ons twee dooplidmate verwelkom.

Op die foto v.l.n.r.: Peet, Emma en baba Mariané Venter, ds. Riaan Pretorius, Caru met ouboet Gideon, Gideon en baba Cara Jacobs.

Stoffel Visser



Doopgeleentheid

AP KERK MIDDELBURG

## Finalejaar-afskopkamp


Elf finalejaarkatkisante het 2025 op 'n besondere manier afgeskop met 'n kamp wat van 7-10 Januarie by Reanco Ranch plaasgevind het. Die kamp is saam met die AP Kerk Verwoerdburg, onder die bekwame leiding van ds. Armand van Zyl, gehou. Tydens die kamp is daar hard gewerk aan die eerste vyf lesse van die handboek. Daar was egter ook genoeg tyd vir lekker eet, gesellige kuier en 'n bietjie ontspan in die pragtige natuurskoon van Naboomspruit. Die kamp was 'n reusesukses. Ons sien met groot verwagting uit hoe hierdie 11 jongmense in hul geloof groei, terwyl hulle voorberei vir hul finale afronding aan die einde van die jaar.



Afskopkamp

## Ons neem afskeid

Ná ses geseënde jare van diens (2019-2025) het ons op 12 Januarie afskeid geneem van ons geliefde emerituspredikant, ds. Thys Muller. Ná ds. Thys se afskeidspreek met die tema "Mismoedigheid", is 'n gesellige en smaakvolle vingerete in die kerksaal aangebied. Ons dank die Here vir die voorreg om ds. Thys te kon leer ken en saam met hom in die geloof te groei. Ons wens hom alle seën en voorspoed toe op die pad vorentoe. Reeds vroeg die volgende oggend het ds. Thys sy reis na Kleinmond aangepak, maar sy spore in ons harte bly diep getrap. *Mag Hy u gee na u hart en al u voornemens vervul!* (Ps. 20:5)



Ds. Thys Müller

## Vrouediens

Ná ons oggenddiens op Sondag 19 Januarie, het die susters bymekaargekom vir ons vergadering. Met 'n lekker koffie in die hand, is die belangrike punte bespreek en besluite is geneem. Die vergadering is afgesluit met 'n interessante tema: "Servette". Sr. Jennefir de Lange het die voortou geneem en ons geleer om pragtige servette te vou. Sy is alombekend vir haar servetkuns tydens gemeente-etes.



Servetkuns

## Gemeente-ete

Soos tradisie dit wil hê, het ons op Sondag 2 Februarie, ná die nagmaaldiens, 'n heerlike gemeente-ete geniet. Die saal was gesellig ingerig met pragtig gedekte tafels. Ds. Armand van Zyl het die geleentheid met 'n tafelgebed geopen, waarna almal na hartelus kon smul aan smaaklike vleise en 'n verskeidenheid vars slaaie, afgerond met heerlike, watertandlekker poedings. Dit was 'n besondere geleentheid van saamkuier en dankbaarheid.



Gemeente-ete

Hannie Scholtz



# Wierda en die Paleis van Justisie – Alana Bailey

**Dit is jammer dat middestede in Suid-Afrika só verval dat min mense die argitektoniese skatte wat daar te vinde is, kan bewonder. Een hiervan is die Paleis van Justisie op Kerkplein, wat steeds as hoofkwartier van die Gautengse afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gebruik word.**

Die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) se Departement van Publieke Werken (DPW), onder leiding van die argitek Sytze Wopkes Wierda, was vir die oprigting daarvan verantwoordelik. Die ontstaansgeskiedenis van hierdie gebou is ook die verhaal van dié merkwaardige man en die Boererepubliek.

**Die ZAR se ryk goudneerslae het gesorg vir ekonomiese groei en 'n groter behoefte aan staatsdiensgeboue.**

In 1893 moes die Volksraad besluit of hulle die huurkontrak van £500 per jaar vir 'n hofgebou op die hoek van Andriesstraat en Burolaan moes hernu. 'n Eie hofgebou was die ideaal en president Paul Kruger kon hulle gerusstel dat Wierda reeds besig was om dit te ontwerp.

Wierda is op 28 Februarie 1839 in Friesland, Nederland gebore. Hy het hom as argitek bekwaam en in 1866 diens by die Nederlandse Staatspoorweë aanvaar. Hy het onder meer deel gehad aan die ontwerp en bou van Amsterdam se bekende Centraal Station. Sy talente het die aandag van president Kruger en andere in die ZAR getrek, en hy is gewerf om op 1 November 1887 die pos van "goewermentsingenieur" en argitek van die republiek te aanvaar. Hy was verantwoordelik vir die totstandkoming van die DPW, waarvan hy die eerste hoof geword het.

Sy aanvanklike planne vir die hofgebou het kritiek van die regters wat daarin sou moes werk, ontlok. Op hul aanbeveling is 'n boukommissie benoem om met die ontwerp en inrigting van die gebou behulpsaam te wees. 'n Meer ambisieuse ontwerp het gevolg, met drie hofsale in plaas van een. Die noordekant van Kerkplein is as bouterrein gekies, met die gevolg dat 'n pastorie, die tydelike mynkommissariskantoor en 'n skool gesloop moes word.

In Augustus 1894 is die planne goedgekeur, maar voor tenders vir die oprigting gevra kon word, het die regters weer nuwe idees gehad. Arme Wierda moes gedweë terug tekenbord toe. Sommige voorstelle oor die installasie van "moderne geriewe" soos elektrisiteit en hysbakke is aanvaar, maar oor die styl het hy voet by stuk gehou. Die regters het 'n Oud-Nederlandse Renaissancestyl voorgestel, maar Wierda het beklemtoon dat 'n aangepaste Italiaanse Renaissancestyl kostegewys beter was.




*Die Paleis van Justisie*

Vervolg op bl. 40 »



# Wat begeer jy?

**Charlotte Fourie**

Toe ek die tema van hierdie uitgawe hoor, het 'n herinnering onwillekeurig deur my gedagtes gegaan. Iewers in 2024 het ek die tweeling by die skool gaan oplaai.

"Mamma, ons wil nie meer katjiebotterbroodjies hê nie!" het Josua snikkend gekla.

"Ekskuus, wat?" was my verslae reaksie, terwyl ek die tranedal aanskou. "Ons soek ook bessies en aarbeie en sjokolade in ons kosblikke!" het Charlot sommer saam begin huil. Ek was stomgeslaan en vir die hele rit huis toe moes ek hoor hoe onvoldoende hul katjiebotter-en-stroop-broodjies is.

Tydens huisgodsdiens daardie aand, het ons 'n ekstra paar minute aan die tiende gebod gewy.

**As jy jou twee hande met palms na bo uitstrek en jou tien vingers saamtrek asof jy dinge wil versamel, onthou die kinders dadelik die betekenis van "moenie begeer nie".**

Die emosionele ineenstortings oor kosblikvergelykings het nie geëindig nie, maar net een gebaar het die gesprek vinniger afgesluit.



## Wat leer ons hieruit?

Dit is natuurlik dat kinders dinge begeer wat hulle nie het nie, veral wanneer hulle dit by ander sien. As ouers is dit ons verantwoordelikheid om hulle te leer hoe om hierdie begeertes reg te hanteer. Maar hoe doen ons dit prakties? Hoe help ons hulle om te verstaan dat ware tevredenheid nie in besittings lê nie, maar in 'n hart wat op God gerig is?

### 1 Leer hulle dankbaarheid

Dankbaarheid is die teenoorgestelde van begeerte. Wanneer ons kinders leer om God te waardeer vir wat hulle het, fokus hulle minder op wat hulle nie het nie. 'n Praktiese manier om dit te doen, is om saam 'n dankbaarheidslys te maak. Vra jou kinders elke aand om drie dinge te noem waarvoor hulle dankbaar is – dit kan enigiets wees, van 'n vriendelike gebaar tot 'n heerlike ete. Dit leer hulle om hul oë op God se voorsiening te vestig, eerder as op wat hulle dink hulle kortkom.

### 2 Leer hulle om te deel

Een van die beste maniere om begeerte te beperk, is om kinders te leer hoe om met 'n oop hand te leef. As hulle daaraan gewoond raak om ander te help en te dien, sal hulle minder geneig wees om te fokus op wat hulle self wil hê. Laat hulle kies om 'n speelding of klere vir 'n behoeftige kind te gee. Neem hulle saam wanneer julle 'n bydrae tot 'n liefdadigheidsprojek lewer. Wanneer hulle die vreugde van gee ervaar, sal dit hulle help om los te kom van materialisme.

## 3 Gebruik Bybelverhale om die boodskap tuis te bring

Die verhaal van Job is 'n wonderlike manier om kinders te leer dat alles aan God behoort. Hy het baie gehad, maar toe dit weggeneem word, het hy God steeds geprys. Vertel hierdie verhaal vir jou kinders en vra hulle vrae soos: "Hoe sou jy voel as jy al jou speelgoed verloor?" En: "Wat dink jy het vir Job gehelp om te bly glo?" Hierdie tipe gesprekke help kinders om te verstaan dat ware rykdom in God en nie in materiële besittings lê nie.

## 4 Wees 'n voorbeeld van tevredenheid

Kinders leer deur wat hulle by ons sien. As ouers aanhoudend kla oor wat hulle nie het nie, sal kinders dieselfde doen. Maar as ons egter 'n gees van tevredenheid en dankbaarheid toon, sal hulle dit raaksien en navolg. Gebruik geleenthede om jou kinders te wys hoe jy self op God vertrou vir jou behoeftes en dat jy gelukkig is met wat jy het.

## 5 Leer hulle om vir behoeftes te bid

In plaas daarvan dat kinders altyd iets eis, leer hulle om vir hul behoeftes te bid. Jesus het ons geleer om te bid: *Gee ons vandag ons daaglikse brood* (Mt. 6:11). Dit beteken dat ons God daagliks vertrou vir dit wat ons nodig het. Wys jou kinders hoe om eenvoudig en opreg te bid en help hulle om te besef dat God hul gebede hoor en volgens sy wil beantwoord.

### Wat moet ons werklik begeer?

Uiteindelik moet ons kinders leer dat die grootste skat wat ons kan hê, nie in besittings lê nie, maar in 'n verhouding met God. Alles wat ons het – ons huise, ons gesinne, ons talente, ons asem – is geskenke van Hom. Wanneer ons met hierdie waarheid leef, bevry dit ons van jaloesie en leer dit ons om met oop hande te gee en met 'n vreugdevolle hart te leef.

Mag ons kinders grootword met 'n gesindheid wat nie vasklou aan wat hulle kan kry nie, maar eerder dankbaar is vir wat hulle reeds het. En mag ons as ouers hulle help om te verstaan dat ware vervulling nie in 'n kosblik vol lekkernye lê nie, maar in 'n hart wat op God gerig is.

---

«Vervolg vanaf bl. 38

## Wierda en die Paleis van Justisie

John Munro se tender van £115 260 is aanvaar en bouwerk het in 1896 begin. Geskille tussen die voorman en klipmesselaars weens laasgenoemde se "gebrek aan takt", het die projek gelukkig nie veel vertraag nie. Op 8 Junie 1897 is die hoeksteen amptelik deur president Kruger gelê. Steeds moes Wierda die bouplanne aanpas. Aanvanklik sou die gebou uit 'n kelder en twee verdiepings bestaan, maar in 1898 word besluit dat 'n derde verdieping moes bykom. Ongelukkig kon 'n mens hierna nie meer die koepel bo die voorportaal sien nie.

**Twee hysers sou in 1899 in die torings geïnstalleer word, maar voor dit kon gebeur, het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek.**

Ná die Britse besetting van Pretoria op 5 Junie 1900, is die gebou 'n tyd lank as hospitaal benut, waarna dit uiteindelik as hofgebou gebruik kon word. Deur die jare is steeds aan Wierda se planne getorring, maar die belangrikste elemente is behou. In die 1970's is die gebou omvattend gerestoureer.


Die oorlog het ook Wierda se lewe geraak. Aanvanklik het hy in Johannesburg as argitek gepraktiseer, maar in 1906 na Kaapstad verhuis, waar hy op 10 Desember 1911 oorlede is. Hy word onthou as 'n diep gelowige man, met 'n perfekte mengsel van kunssinnige aanvoeling en praktiese vakmanskennis.

Die nalatenskap van Wierda sluit verskeie geboue en konstruksies soos waterwerke en brûe in. Vele is steeds in gebruik en getuig van die gedeelde erfenis wat Nederland en Suid-Afrika verbind. Tekeninge en bloudrukke uit die versameling van die Nasionale Argief van Suid-Afrika, is gedigitiseer en kan aanlyn by die Universiteit van Pretoria se "Space Institutional Repository" besigtig word.

Besoekers aan die middestad van Pretoria kan gerus na Kerkplein gaan en hierdie merkwaardige gebou besigtig. Omdat dit steeds as hofgebou benut word, word toegang nie altyd toegelaat nie, maar indien moontlik, sal die interieur met sy sierlike kombinasie van gepoleerde hout, koper, loodglas en teëlvloere vir 'n onvergeetlike ervaring sorg.

# SMELTOOND

• *April 2025* • **Deur Charlotte Möller**



# Demokrasie moet *geleef* kan word

In ’n vurige toespraak[1] tydens die München Veiligheidskonferensie het JD Vance, visepresident van die VSA, Europese leiers beskuldig van sensuur en die onderdrukking van vrye spraak. Volgens Vance is die grootste veiligheidsbedreiging wat Europa in die gesig staar nie Rusland of China nie, maar die “bedreiging van binne”, die onderdrukking van sommige van Europa se mees fundamentele waardes wat hy met die VSA deel. Jy kan mense nie dwing wat hulle moet dink, wat hulle moet voel, of wat hulle moet glo nie.

Europese regerings het al verskeie kere ’n stang in demokrasie se bek gesit en nie lank gewag om te ruk nie … Vance het juis in sy toespraak na sodanige gevalle verwys.

In Brussel, België, is burgers gewaarsku dat sosialemedia-platforms gesluit sal word gedurende burgerlike onrus die oomblik wat daar tekens van “haatspraak” (volgens hul definisie) is. Kragtens die Wet op Digitale Dienste kan die Europese Kommissie ’n koördineerder vir digitale dienste in ’n EU-lidland versoek om ’n regter te nader vir die beoordeling van ’n tydelike beperking op toegang tot ’n groot aanlyn platform of soekenjin. Die kommissie mag hierdie proses in ’n “dringende situasie” omseil. So ’n uiterste maatreël sal natuurlik die “behoorlike proses” moet volg en dit sal ’n “tydsbeperking” hê.

In Duitsland het die polisie klopjagte uitgevoer op die huise van mense wat daarvan verdink is dat hulle misoginistiese haatspraak (afkeer van of haat vir vroue) op die internet geplaas het, asook diegene wat verkragting of seksuele aanranding aanhits. Vyf-en-veertig verdagtes is in 11 state ondervra. Nie een van hulle was in aanhouding nie.

In Swede is ’n Christenaktivis, Salwan Najem, ’n opgeskorte vonnis en boete opgelê oor verklarings wat hy gemaak het in verband met vier voorvalle van die verbranding van die Koran in Stockholm. Najem, wat in 1998 uit Irak na Swede gekom het en sedert Junie 2005 ’n Sweedse burger is, het aan die hof gesê dat sy optrede wettige kritiek op godsdiens was, wat deur Sweedse wette oor vryheid van uitdrukking beskerm word. Göran Lundahl, die regter in die saak, het ewe onsimpatiek gesê dat vryheid van uitdrukking nie ’n “vrypas is om enigiets te doen of te sê nie”.

In die Verenigde Koninkryk word teuels ook baie kort gehou. Gedurende 2022 is die 51-jarige Adam Smith-Connor, ’n fisioterapeut en weermagveteraan, aangekla omdat hy 50 m van ’n aborsiekliniek af ’n drie minuut lange stilgebed gedoen het vir die ongebore seun wat hy en sy voormalige vriendin jare gelede laat aborteer het. Adam is skuldig bevind aan die oortreding van die regering se nuwe “buffersone”-wet, wat stilgebed en ander aksies wat iemand se besluit oor aborsie binne 200 m van ’n aborsiefasiliteit kan “beïnvloed”, kriminaliseer. Hy moes meer as £9,000 aan regskoste betaal.

Op eie bodem is die antennas ook ingestel op alles wat “protes” klink … Dr. Theo de Jager, voorsitter van Saai, is onlangs uit ’n groepfoto “gedokter”. Volgens De Jager was dit nie sy persoon wat die ontplooiide kaders wou uitvee nie, maar die “stem van protes teen wetgewing wat ’n fundamentele ongeregtigheid beliggaam”.[2] “Hulle verstaan nog nie dat hulle tienduisende sterker stemme sal hoor wanneer hulle my stilgemaak het nie.” In sy eie woorde was hy die afgelope tyd meer luidrugtig teen die Onteieningswet en die feit dat hy glo dit vir boere groot bedreiging inhou.

Deur die eeue het baie Christene hulle vir vryheid van spraak beywer en selfs daarvoor gesterf. Hier kan ons maar net dink aan John Bunyan, die skywer van *Pilgrim’s Progress*, wat in November 1660 in ’n tronk gegooi is omdat hy sonder ’n lisensie gepreek het en die diaken Stéfanus se marteldood tussen 30-36 n.C. (vgl. Hand. 6:8-60). In ons hoogs gedigitaliseerde wêreld is vrye spraak ’n komplekse saak, want onregverdige woorde word baiekeer sonder sorgvuldige nadenke die kuberruimte ingestuur. So kan een mens se idee van wat ’n wettige en regverdige opmerking is, iemand anders weer dwars in die krop steek.

Dit is so dat vryheid van spraak ’n hoeksteen van demokrasie is: Regverdige samelewings word versterk waar mense die reg het om teen onreg te protesteer. Mag ons as Christene vrugbaar van hierdie voorreg gebruik maak, terwyl ons altyd onthou dat ’n goeie woord ’n goeie plek vind, dat die een woord die ander woord uitlok en dat ons daarom ons woorde moet weeg. 😊

---

1. https://bit.ly/3FjEFPA
2. https://bit.ly/3Flw3rL




Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis

# Nuusweek

**'n Eksklusiewe Pretoria FM e-publikasie, met die week se jongste nuus en programinhoud.**

**NOU beskikbaar!**

**Laai dit elke Vrydag af by:**
**www.pretoriafm.co.za**

Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans

**Of volg ons WhatsApp-kanaal:**

WhatsApp

**Skandeer om aan te sluit.**


Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

Nuusweek

Nommer 6, Jaargang 1 7-13 Maart 2025 www.pretoriafm.co.za

Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe

VEILIG TERUG

Kenner sê oor hoogverraad
Bladsy 3

Roets: Politieke bestel moet verander
Bladsy 4

Lesers sê hul sê
Bladsy 8

Pollard terug op Loftus
Bladsy 16

DORPTOE HARTLAND BRITS 16 MEI

DORPTOE HARTLAND BRITS 17 MEI

Kry nou jou kaartjies by OPEN TICKETS!

JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 191 • April 2025



# God se doel met die wet

Waarom dink jy moet ons vandag nog die wet gehoorsaam? Kan dit ons red? Nee, die wet kan ons nie red nie! As die wet ons dan nie kan red nie, waarom moet ons dit dan nog gehoorsaam?

## DIT WYS HOE GROOT ONS SONDE IS

Hoeveel persent sal jy elke week kry vir jou gehoorsaamheid aan die wet? Miskien glo jy dit is maklik om die meeste van die gebooie te onderhou, want jy het die afgelope paar dae goed gedoen: Jy het nie ander gode aanbid nie. Jy het nie beelde van God gemaak en daarvoor neergebuig nie. Jy het nie die Here se Naam lelik gebruik nie. Jy was Sondag in die kerk. Jy het na jou ma en pa geluister. Jy het niemand doodgeslaan nie. Jy het nie ’n huwelik opgebreek nie. Jy het niks gesteel nie. Tot dusver het jy agt uit tien van die gebooie nagekom! Jy het net een leuen vertel toe jy vir jou onderwyser gesê het jy het jou huiswerk by die huis vergeet. Net een gebod verbreek. Nie te sleg nie! Ongelukkig het jy nog steeds God se ideaal gemis.

Met jou leuen het jy ongelukkig nie net die negende gebod verbreek nie. Jy het gejok omdat jy begeer het om goed te lyk. Omdat jy nie jou onderwyser se gesag gerespekteer het nie, het jy eintlik sy respek gesteel. Jy het dit alles gedoen omdat jy jou prestasies in die plek van God se eer geplaas het. Deur net een

gebod te verbreek, verbreek ons die hele wet van God. Elke keer wanneer ons die wet hoor, besef ons net weer hoe skuldig ons is.

## DIT WYS DAT ONS 'N VERLOSSER NODIG HET

Elke keer wanneer ons na die wet luister, moet ons besef hoe nodig ons Christus het. Ons Verlosser moes volmaak gehoorsaam wees. Hy moes in staat wees om elkeen van hierdie gebooie te onderhou. Jesus Christus het nie net hierdie gebooie volmaak gehoorsaam nie, maar elke gebod wys ook na Hom.

Eerste gebod: Daar is net een ware God. Toe die Here mens geword het, het Hy vir almal kom leer dat God Drie-enig die ware God is wat die mens red.

Tweede gebod: Ons mag geen afbeeldings van God maak nie. Hy het self sy beeld aan ons bekendgemaak. Sy eie Seun is die ware beeld van God.

Derde gebod: Ons moet die Here se Naam respekteer. Christus het die Naam van God aan ons openbaar.

Vierde gebod: Ons moet die sabbatdag onderhou. Dit wys na Christus se opstandingsdag waardeur Hy ware rus (vgl. Ex. 20:8-11) en ware verlossing (vgl. Deut. 5:15) gebring het.

Vyfde gebod: Ons moet Christus se koningskap eer. Hy het sy Vader geëer.

Sesde gebod: Ons mag nie doodslaan nie. Christus het ons lewens so liefgehad dat Hy sy lewe vir ons prysgee het sodat ons in Hom kan leef.

Sewende gebod: Ons moet die huwelik eer. Die beste voorbeeld van 'n volmaakte huwelik is die huwelik tussen die Bruidegom (Christus) en sy bruid (die kerk/gelowiges (vgl. Mt. 25).

Agtste gebod: Ons mag nie steel nie. Alles behoort aan Christus en Hy sal gee wat elkeen nodig het.

Negende gebod: Ons moet die waarheid praat. Christus is die weg en die waarheid en die lewe (Joh. 14:6). Hyself is die waarheid.

Tiende gebod: Ons mag niks van iemand anders begeer nie. Ons grootste begeerte moet na Christus ons Verlosser wees.

## DIT WYS NA 'N DANKBARE LEWE

Waarom dink jy moet ons vandag nog die wet gehoorsaam? Omdat ons deur die uitleef van die wet ons dankbaarheid teenoor Christus bewys. Laat ons die wet lees en Christus ons Verlosser aanbid.

Groete, ds. Emilé

En van al wat lewe, van alle vlees, moet jy twee van elke soort in die ark laat ingaan ... (Gén. 6:19)



BLAAI DEUR DIE BYBEL



# ’n Wêreldwye watervloed






Die Here was baie bedroef. “Ek is spyt dat Ek die mens gemaak het. Kyk hoe boos is almal! Ál hierdie slegte mense gaan verdrink. Noag, luister na My: Bou ’n ark van goferhout, want só gaan Ek jou, jou drie seuns, jou vrou en jou seuns se vrouens red.”

Noag-hulle het dadelik aan die werk gespring. Daar moes goferhout bymekaargemaak en afgewerk word, totdat daar genoeg planke was om die ark netjies aan mekaar te sit. Goferhout is iets soos sipres- of dennehout, die hout van bome wat ons gewoonlik vir Kersboompies gebruik. Noag-hulle het geweet hoe om houtwerk te doen, want ons lees in Génesis 4 dat daar mense was wat met brons en yster kon werk. Hulle moes pik gebruik om die ark waterdig te maak. Noag-hulle kon so lank as 75 jaar aan die ark gebou het, want Noag was 500 jaar oud toe hy sy drie seuns gekry het, en 600 toe die Here die vloed oor die aarde gestuur het.

Hoe groot was die ark? As ons Génesis 6 vers 15 se lengtemaat omreken tot dit wat ons vandag gebruik, was die ark 140 meter lank, 23 meter breed en 14 meter hoog. Dit het drie dekke gehad en was langer as ’n rugbyveld, breër as agt enkelbaanteerpaaie en hoër as ’n vierverdiepinggebou. As ons vandag so ’n vaartuig bou, sal ons meer as 500 skeepsvraghouers daarin kan laai!

Hoe het al die diere ingepas? Die Here het geweet hoe groot die ark moes wees vir die agt mense en diere om in te pas. Net twee pare landdiere en twee pare voëls (twee manlike en twee vroulike diere) moes in die ark kom, net genoeg om te sorg dat die diere weer kon vermeerder ná die vloed. Dit kon natuurlik ook jong diere wees, wat baie kleiner as volwasse diere is en nie so baie plek sou gebruik nie. Dit was ook nie vir Noag nodig om hierdie diere te gaan vang, of om hulle aan te jaag nie, want die diere het self na die ark toe gekom. Waterdiere was nie in die ark nie, want hulle sou in die vloedwater kon oorleef.

**Waar het al die water vandaan gekom? Die Here het self die ark se ingang agter Noag-hulle gesluit, en toe het die water van twee plekke af gekom: uit fonteine diep onder die aarde, en uit die hemel uit. Vir 40 dae en 40 nagte was daar stortreën uit die hemel uit. Die water het tot 8 meter bokant die hoogste berge gestyg.**

Die ark het op die water gedryf. Elke mens en elke landdier (ook voëls) wat nie in die ark was nie, het verdrink.

Hoe het Noag vir al die diere gesorg? Die Here het vir Noag gesê om van al die kos wat geëet word, te versamel en in die ark te bring. Die mense en diere sou hierdie kos eet. Dalk het sommige van die diere in ’n winterslaap gegaan, en dan sou hulle nie geëet het nie. Hieroor kan ons maar net wonder, want die Bybel vertel ons nie meer hieroor nie.


Uiteindelik het die ark op die berg Árarat tot stilstand gekom. Ná een jaar en tien dae was die aarde droog. Waarheen het al die water gegaan? Die aarde se vyf oseane maak omtrent 70% van die aarde se oppervlakte uit. Die water van Noag se vloed, het in hierdie oseane gevloei.

**Bron:** Tas Walker, *Die Genesis Vloed: Feit of Fiksie* (Brisbane: Creation Ministries International, 2010).

Die ruitrooster het wit en gekleurde blokkies. (1) WIT BLOKKIES. Gebruik die leidrade vir die antwoorde en voltooi die woordblok. (2) GEKLEURDE BLOKKIES. Soek in Josua 23:25-28 die regte teksvers wat in die kleurblokkies pas. Die aantal letters van elke woord moet ooreenstem met die getal beskikbare kleurblokkies. Die swart blokkies vorm nie deel van die teksvers nie. Die grys blokkies by 1 (af), word by die wit blokkies (dwars) gereken.

Antwoorde

# JOSUA SE WAARSKUWING




*Opgestel deur Daleen Pienaar*

**DWARS**

3. Leier in Israel (Jos. 23:1)
4. Valshede wat aanbid word (Jos. 23:7)
7. Toesighouers oor die volk (Jos. 23:2)
9. God se heilige woede (Jos. 23:16)
10. Verdryf, weggejaag (Jos. 23:5)
12. Onsterflike deel van die mens (Jos. 23:11)
13. Skerp voorwerp wat seermaak (Jos. 23:13)
14. Kragtige vernuf (Jos. 23:9)
20. Listige plan tot nadeel (Jos. 23:13)
21. Opperhoofde in Israel (Jos. 23:2)
23. Skerppuntige groeisels (Jos. 23:13)

**AF**

1. Getal manne agtervolg (Jos. 23:10)
2. Nie volvoer nie (Jos. 23:14)
4. Om te wedywer (Jos. 23:3)
5. Tipe hinderlaag (Jos. 23:13)
6. Uitbreek van God se toorn (Jos. 23:16)
8. Uitgerekte tyd (Jos. 23:1)
11. Amptenare wat regspraak lewer (Jos. 23:2)
13. In stryd wees met iets (Jos. 23:6)
15. God stry vir hulle (Jos. 23:2)
16. Meedeel (Jos. 23:7)
17. Onderneem, gewaarborg (Jos. 23:5)
18. Ooreenkoms (Jos. 23:16)
19. God verdryf hulle (Jos. 23:9)
22. Setel van gevoelens (Jos. 23:14)

# Ek hou die wet as teken van dankbaarheid

**Ds. Jaques Powell**



Jy mag nie dit nie ... en jy mag nie dat nie ... Vir baie van ons voel dit of die lewe net bestaan uit 'n klomp reëls en wette wat ons moet nakom.

By die huis het ouers reëls en daardie reëls leer kinders van al die goed wat hulle nie by die huis mag doen nie. By die skool het juffrou klasreëls en die skool het ook sy eie skoolreëls. As leerlinge enige van hierdie reëls oortree, is hulle in die moeilikheid. Ons land het ook reëls, of wette. Ons word gestraf as ons die land se wette oortree, en ons kan selfs tronk toe gaan. Daarom is ons ook baie versigtig om met alles in ons te probeer om al die reëls en wette na te kom: Ek luister as my ouers sê ek mag nie ongeskik wees nie, of as juffrou sê ek moet stilbly, of as die landswet sê ek mag nie vinnig ry nie.

In die Bybel is daar ook wette. Nie net die Tien Gebooie nie, maar sommer baie ander wette ook. Die Tien Gebooie het vir Israel gewys hoe om aan God gehoorsaam te wees, en die offerwette het weer gewys hoe hulle God moet aanbid. God het 'n derde stel wette gegee wat landswette was. Buiten vir God se wette, het die Israeliete ook nog hul eie wette gemaak om te keer dat hulle God se wette oortree.

Israel het naderhand met 'n hele klomp onnodige wette gesit en dit was onmoontlik om hierdie wette te onderhou. Al hierdie wette moes nagekom word, anders sou hulle gestraf word. Die Bybel leer ons dat die oortreding van die wet ook gestraf moet word en dit is nie sommer 'n ligte straf nie, maar 'n baie swaar straf. Die straf vir die oortreding van God se wet is die hel, of die ewige dood (vgl. Rom. 6:23). Daarom het Israel hard probeer om nie die wette te oortree nie.

In die Nuwe Testament kry ons te doen met mense wat Fariseërs genoem word. Hulle was bekend daarvoor dat hulle hard probeer het om God se wet te onderhou, maar nie eens hulle kon dit regkry nie. Kan jy al die wette 100% nakom? Het jy al ooit kwaad geword vir 'n maatjie? Of het jy al iemand geslaan, of dalk nie geluister as jou ouers met jou praat nie? Dit is alles teen God se wet.

**God het geweet dat ons nie die wet volmaak kan nakom nie. Daarom het Hy Jesus Christus gestuur om al die wette namens ons na te kom. Hy het nie een enkele wet oortree nie. Daarom sê ons Hy het die wet "vervul".**

Hy het elke wet gehou en presies gedoen wat God verwag. Elkeen wat in Jesus Christus glo, het daarom deel in hierdie vervulling van die wet.

As jy in die Here Jesus glo, beteken dit dat Hy ook namens jou al die wette nagekom het. Maar dit is nie al nie. Hy het ook die straf van God gedra sodat jy nie gestraf gaan word as jy die wet oortree nie. Beteken dit dat ons nou maar al die wette kan oortree soos ons wil? Nee, want deur aan die wette gehoorsaam te wees (al is dit nie volmaakte gehoorsaamheid nie), sê ons vir Christus dankie dat Hy ons gered het. Ons hou die wette nie omdat ons bang is vir God se straf nie, maar ons hou dit om vir die Here Jesus dankie te sê dat Hy ons straf op Hom geneem het.

